

Inhoudsopgawe

6de Jaargang, Nommer 1. Junie 1999

[Etienne van Heerden](#)

Die geding met die geheue: kontemporêre fiksie se bydrae tot teoretiese besinnings oor die historiografie

[Eep Francken](#)

Een nieuwe Nederlandse literatuurgeschiedenis

[Louis Venter](#)

Kosmiese ironie in Harry Mulisch se De aanslag

[Frederick Hale](#)

Voortrekker Values for Afrikaans Youth in Pieter van der Merwe Erasmus's Twee Voortrekkertjies

[Wium van Zyl](#)

Leipoldt, "Oom Gert vertel" en Multatuli

[Dorothea van Zyl](#)

Estienne Barbier, renegaat en romanfiguur, in die lig van die storie, historie en historiografie

[Pieta van Beek](#)

Het Babel van haar tijd

[Elektroniese weergawes van T.N&A](#)

[Kontaknommers](#)

[Algemeen](#)

[Riglyne vir outeurs](#)

Opgedateer 7 Desember 2005 deur Angelique de Villiers

Kopiereg © 1997 berus by die redaksie

Die geding met die geheue: kontemporêre fiksie se bydrae tot teoretiese besinnings oor die historiografie *

- Etienne van Heerden -

Abstract

This essay demonstrates how contemporary fiction contributes to current metahistorical debates. With postmodernism's critical assessment of historiography as practice in mind, the metahistorical self-consciousness of three historiographic metafictional works are analysed. One Afrikaans and two Dutch novels concerned with former Dutch colonies (South Africa, Indonesia and Curaçao) are read. The role of the enunciative subject, the validity of truth claims and insecurities about the ability of language to accurately reflect the past, are discussed. The narrative strategies used to inscribe the self into history in the novels of Alexander Strachan (*Die jakkalsjagter*), Tip Marugg (*De morgen loeit weer aan*) and Jeroen Brouwers (*Bezonken rood*) are analysed.

1. Inleiding

Soos die kentering van die tye, of die draai van die eeu, naderkom, en die toekoms, in die verraderlike mantel van 'n nuwe millenium, allerlei illusies, verwagtinge en hoop skep, is dit ironies juis die verlede wat om toegespitsde aandag vra.

Nie alleen is die rustige arbeid van historici die afgelope dekades aan skeptiese en indringende vrae onderwerp nie, maar daarby, en vir literatore van belang, was en is die ongemak met die verlede in toenemende mate af te lees in fiksie geskep deur skrywers op verskillende kontinente van die wêreld.

Wanneer ons die formulering "die ongemak met die verlede" gebruik, geskied dit binne 'n ruimte waarin die Suid-Afrikaanse Waarheids- en Versoeningskommissie besig is met die laaste insameling van getuienis oor 'n geweldsverlede. Dit is ook 'n klimaat waarin historici met wisselende grade van skepsis en optimisme die uiteindelijke verslag van die kommissie af wag. Ook in die Afrikaans- en Nederlandstalige literatuur van die afgelope dekades is daar voortdurend 'n verkenning van die verre of onlangse verlede. In hierdie tekste gaan dit eerstens oor die ongemak met die werklike gebeure van die verlede - die pyn en wroeging van lewens geslyt op die bodem van Afrika, Nederland en België, of in die voormalige koloniale gebiede in die ooste, asook die Karibiese gebied en Suriname. Maar dit gaan ook, en dit is waarby ons veral gaan stilstaan, in die tweede plek om 'n ongemak met die optekening, vaslegging of boekstaving van daardie verlede.

Met die skep van fiksie wat op selfbewuste wyse met die verlede in geding tree, sluit Afrikaans- en Nederlandstalige skrywers hul aan by 'n welbekende tendens wêreldwyd. Hierdie tendens het onder meer met die New Journalists begin, wat

binne die klimaat van die laat-modernisme die klem op subjektiwiteit geplaas het. Mettertyd het dié insigte binne die postmodernistiese vooropstelling van die problematiek van representasie geradikaliseer tot 'n corpus tekste wat nou algemeen bekend staan as historiografiese metafiksie (Van Heerden 1997: 73 en volgende).

Hierdie metahistoriese bemoeienis beteken dat besinnings oor historiografie of geskiedskrywing nie alleen 'n invloed op skeppende werk uitoefen nie, maar ook dat die roman of die kortverhaal 'n selfbewustheid openbaar oor ons dokumentering van ons verlede, en dat hierdie tekste al storievertellende 'n bydrae lewer tot die teoretiese besinning oor die historiografie of geskiedskrywing as onderneming.

2. Drie romans; vier wêrelddele

Die koloniale geskiedenis van gebiede soos Suid-Afrika, die Nederlandse Antille en Indonesië en die rol wat Nederland in dié gebiede gespeel het, vorm die agtergrond vir die keuse van die drie romans - een Afrikaans en twee Nederlands - wat hier beskou word. Dit is drie tekste wat die geding met die geheue plaas binne historiese gebeurtenisse in vier wêrelddele: Jeroen Brouwers se *Bezonen rood* (1981) probeer die Nederlandssprekende verteller se kindertyd in 'n Japanese krygsgevangenekamp in Indonesië verreken; Tip Marugg se *De morgen loeit weer aan* (1988), met hoofsaaklik 'n Antilleaanse eiland as agtergrond, is gesetel in 'n onsekere Karibiese ruimte, waarin die emosionele onstabiliteit van die verteller ook deursypel na 'n bewustheid oor die onstabiliteit en onvoorspelbaarhede van ons gisters; Alexander Strachan se *Die jakkalsjagter* (1990) is ook met 'n oorlogs- en geweldsverlede gemoeid, en as historiografiese metateks opper dit, van al hierdie romans, die mees radikale vrae oor die subjek in geskiedskrywing, die onstabiliteite van die verhouding woord en wêreld, die aanwesigheid van die verlede ín die hede, en die debat oor die postmodernisme en die geskiedenis.

Hierdie drie romans kom uit vier windrigtings, maar die gedrewe, met die verlede gekwelde vertellers in al drie tekste bewoon één kontinent - die ongemaklike, ontsetelde ruimte van iemand wat besef dat hy in die hede op die verlede aangewese bly; en dat hy in dié hede immer vasgevang sal wees in 'n voortdurende herskrywing van daardie verlede.

In al drie romans word die outobiografiese kode ter sprake gebring, en word daar besin oor die moontlike verhouding van die konkrete outeur met sy vertekstualiseerde verteenwoordiger in die teks. Die aandag word dus op die rol van die "enunciative subject" - die verkennende subjek - geplaas en die vrae wat die tekste opper is nie soseer vrae soos: "Wat is die "ware" geskiedenis nie?", maar eerder: "Wie bied watter geskiedenis aan, wie lees en interpreteer dit, en met watter doel voor oë?" (Marshall 1992: 153).

Die subjek wat geskep word, is 'n twyfelende subjek wat in die aangesig van die historiese gebeure en die aktualiteite van sy tyd te staan kom voor die problematiek van betekenisgewing. Hy is dus nie slegs gemoeid met die gebeure van die verlede nie, maar ook die problematiek van die optekening van daardie gebeure.

Die ontplooiing, in belletristiese tekste, van hierdie verkenner van die verlede wil kennelik bydra tot tydgenootlike besinnings oor die historiografie en die ongemak met konvensionele historiese beskouings en navorsingsmetodes.

In die onderskeie oeuvres van die drie skrywers is hierdie romans ook telkens binne 'n individuele interteks af te lees: Bezonken rood skryf voort aan Brouwers se *Het verzonkene* (1979) en *Zonsopgangen boven zee* (1977); Marugg se *De morgen loeit weer aan* moet saam met *Weekendpilgrimage* (1958) en bepaalde gedigte gelees word; Strachan se *Die jakkalsjagter skuif oor die Strachan-interteks* waarbinne ander werke, soos *Die werfbobbejaan* (1994), meeskryf.

Die tekste is dus nie hermeties afgesluit nie, maar skryf voort aan uitdyende individuele oeuvres en, in ons beskouing, ook voort aan die gesamentlike teks wat hulle aan die skep is; die teks wat ek hierbo beskryf het met die noemer "die ongemak met die verlede". Daarby hoort dat hulle ook 'n bydrae maak tot die groeiende metahistoriese interteks, waarby ek literêre werke - veral fiksie - sou plaas, tesame met konvensionele historiografiese beskouings, sonder om, haastig bygesê, te impliseer dat 'n eenvoudige verdwyning van grense tussen fiksionele narratiewe teks en historiografiese teks geïmpliseer word. In hierdie verband sou "problematisering" 'n meer gepaste term wees - dié skeppende tekste wil, met hul metahistoriese vrae, problematiserend omgaan met opvattinge oor geskiedskrywing en die verskille of ooreenkomste tussen skeppende werk met 'n historiese kode aan die een kant en historiografiese tekste aan die ander.

Die oorlogsverlede of die effek van politieke gebeure - veral geweld - is in al drie romans af te lees. Dit gaan oor eksentrieke individue wat 'n kleingeskiedenis - 'n petite histoire - inskryf téén die metanarratiewe van 'n makrogeskiedenis, om sodoende opnuut aandag te vra vir die openbaarmaking van private geskiedenis, en die effek van dié openbaarmaking op ons beskouings van gister. By Brouwers het die wreedhede van Japanese soldate op sy moeder en ander gevangenes 'n durende neurose geskep sodat die verteller nooit daarin slaag om die verlede af te skud nie; by Marugg word die vervreemde eilandbewoner se persoonlike ruimte 'n plek waar geweld in die landskap self aanwesig is, soseer só dat die verteller, temidde van ander visionêre vlugte, 'n teorie oor die selfmoord van eilandvoëls ontwikkel, terwyl hy ook 'n koorsige, eksentrieke visie van die Karibiese gebied met sy geskiedenis van slawehandel en afhanklikheid van ander lande ontwikkel; en by Strachan is dit die Suid-Afrikaanse grensoorlog, maar ook die geweld van die vader, wat beskou word in 'n teks wat aandui dat die verlede immer in die skrywende karakter se hede aanwesig sal wees.

3. Postmodernisme as manier van kyk

Die opmerkings hierbo het reeds, soos uit die taalgebruik af te lei is, heelwat erkenning gegee aan die postmodernistiese diskoers. En daarom moet ons 'n wyle stilstaan by hierdie omstrede begrip en veral probeer vasstel hoedat die postmodernistiese manier van kyk hierdie interteks van Brouwers, Marugg en Strachan aan die beweeg gesit het.

Die term postmodernisme is enersyds 'n té maklike term wat aangegryp word om naam te gee aan die verskeidenheid kulturele verskynsels wat in die tweede helfte van die twintigste eeu hul verskyning maak op onder meer die gebiede van die argitektuur, literatuur, beeldende kunste, musiek, teologie, historiografie, ensomeer (sien verder Van Heerden 1997: 11 en volgende). Andersyds is dit ook 'n term wat die veelheid van verskille binne die ruimte waarop hierdie term van toepassing gemaak word, maskeer. Die postmodernisme is natuurlik 'n nomadiese diskoers wat

sy beweeglikheid put uit die veelheid perspektiewe wat daarin tot uiting kom. Meer korrek sou wees om na postmodernismes te verwys, omdat daar binne die postmodernistiese beskouing soveel verskillende aksente is.

Elkeen van hierdie postmodernismes vorm bloot 'n diskursiewe ruimte wat nie aanspraak op alleengeldigheid kan maak nie. Daar is byvoorbeeld 'n poststruktureelste postmodernisme, en dan is daar postmodernismes wat die terminologie van byvoorbeeld Derrida kannibaliseer en aanwend om gesprekke te fasiliteer, terwyl dié sienings nie al die pad met Derrida wil saamloop nie. Dié pluraliteit lei tot die semantiese onstabielheid van die term postmodernisme en gepaardgaande sinisme oor die bewering dat die postmodernisme 'n nuwe poëtika daarstel.

Ondanks die semantiese onstabielheid van die term postmodernisme, was die postmodernisme by wyse van redelik algemene konsensus die klimaat waarbinne 'n teks soos Alexander Strachan se *Die jakkalsjagter* ontvang is. Ongelukkig het Jeroen Brouwers se *Bezonken rood*, met sy opvallende metafiksionele vertelstrategieë, nie só 'n gesofistikeerde resepsie te beurt geval nie (De Vos 1982: 45 en volgende) - miskien omdat die roman reeds in 1981 verskyn het en die gesprek oor historiografiese metafiksie eers later jare vry algemeen gevoer sou word. Die roman is in Nederland onderwerp aan kritiek teen sake wat reeds ruim deur die boek, met al sy indringende metahistoriese vrae, ondervang is. Tip Marugg se *De morgen loeit* weer aan stel die metafiksionele kode nie so markant ten toon nie, maar baat desondanks by 'n leesstrategie wat vanuit die postmodernistiese manier van kyk uitgaan.

Die wyse waarop sommige kritici in Nederland hul oë gesluit het vir die vertelstrategieë in Brouwers se teks - strategieë wat duidelik aanwys dat die boek met 'n postmodernistiese oog gelees behoort te word - dui op 'n ongemak met die radikale metahistoriese vrae wat in die teks gevra word, asook ongemak met die skeptisisme en voorlopigheid inherent aan 'n postmodernistiese historiografie.

Die ontvangs van Strachan se teks moet egter nie die indruk skep dat daar in Suid-Afrika vry algemene konsensus was - of selfs is - met 'n postmodernistiese siening van ons opgetekende verlede nie. Gepaardgaande met die tergende onvatbaarheid van die term postmodernisme was daar ook, hier in Suid-Afrika, die fel debatte van veral die laat jare tagtig, wat teen die agtergrond van dramatiese politieke tonele gevoer is. Hierdie debatte gaan veral oor die rol van die literatuur in 'n ondemokratiese situasie, die etiese verantwoordelikhede van die skrywer as oorsprong van sy of haar teks en die mag en betroubaarheid van die woord - formulerings wat ook van toepassing gemaak sou kon word op die resepsie van Brouwers se roman in Nederland. Vrae is veral gevra oor tekste wat, soos ons drie romans, sigself wil plaas binne 'n bepaalde historiese ruimte.

In Suid-Afrika was die spanning tussen ideologiekritici en die aanhangers van 'n poststruktureelste postmodernisme - ter wille van die gesprek skep ons strak kategorieë - tot breekpunt gespan. Afrikaanse tekste, gemoeid - selfs gekwel - met die verlede en ons probleme met die optekening van daardie verlede, het in hierdie klimaat van radikale ongemak verskyn. Dit was tekste wat - nes Brouwers se *Bezonken rood* - tob oor 'n klimaat waar gemaklike sekerhede oor die verhouding literatuur en wêreld daarmee heen is, 'n leefruimte wat in al sy geledinge as onstuimig en onseker ervaar is.

Uit my onvrede met die vermoë van sommige Nederlandssprekende resensente om

Brouwers se boek na behore te lees, sal u aflei dat die uitgangspunt van die leeshandeling wat ek aan u wil voorhou, is dat die postmodernisme - in sy rol as die selfbewustheid van die kulturele hede - as handige heuristiese instrument gebruik kan word vir die wydgeleë kultuurverskynsels van die laat-twintigste eeu - onder meer ook ons manier van kyk na die verlede. Wanneer 'n teks - soos *Bezonken rood* - vra om 'n postmodernistiese leeshandeling, behoort só 'n teks liefs op dié manier gelees te word - alhoewel ek nie impliseer dat ánder leesstrategieë nie ook bepaalde winste sal oplewer nie.

Die postmodernisme moet nie as iets objektiefs gesien word nie - "nature doesn't grow on trees" - maar eerder as 'n manier, of dan 'n verskeidenheid verwante maniere, van kyk en interpreteer.

Die vrae waarmee ons dus hier besig sal wees, is dan: Watter blik op die verlede lê ons drie romans aan die leser op? Wat is die romans se standpunt oor die agterhaalbaarheid van gister wanneer ons die tekste aan 'n postmodernistiese leesstrategie onderwerp? Hoe gaan hierdie romans met die geheue en met gister om?

Tydens die beskouing van hierdie vrae, sal ons aandag gee aan sake wat ook vir die historiografie van belang is, naamlik die rol van die betekeniskeppende subjek en die skep van kleingeskiedenis in die aangesig van die groter verhale van die mensdom; die betwyfeling van waarheidsaansprake; en die selfbewustheid oor taal. Die gemelde sake kan weens ruimtebeperkings nie in al drie romans volledig nagegaan word nie, maar wanneer na 'n spesifieke teks verwys word, word geïmpliseer dat die bepaalde verskynsel ook in die ander twee tekste met mindere of meerdere mate van sukses nagespoor sal kan word.

4. Die rol van die subjek

Hierbo is reeds gesê dat al drie romans die outobiografiese problematiek opper. Al drie tekste lok bespreking uit oor die verband tussen die onderskeie konkrete outeurs en hul moontlike vertekstualiseerde "vertegenwoordigers" in die tekste. Die problematisering van die subjek, wat ook soveel te sê het vir die skrywende hand ágter die historiografiese teks, word geopper:

The question "who is speaking?" is a consistent postmodern refrain, often meaning, "from what positions of power or authority, as producers (or interpreters) of texts, do we speak?"

Marshall 1992: 152

Die fokus word dus op die aard en rol van die subjek geplaas, en hierdie subjek wil in die drie romans op tergende wyse enersyds as karakter, andersyds as verteller, en dikwels ook as gemaskeerde konkrete outeur optree. Om gewoon af te lei dat die vertellers en die konkrete outeurs dieselfde persone is, is om die postmodernistiese spel tussen woord en wêreld te onderskat - 'n leser sou eerder kon verwys na die outobiografiese kode as metode om die grense tussen teks en wêreld te problematiseer.

Hierdie outobiografiese moontlikheid word in die drie romans in mindere of

meerdere mate en grade van radikalisme ondersoek. Jeroen Brouwers is by náme, ondersteun deur allerlei outentifiseringstegnieke, aanwesig in Bezonken rood; terselfdertyd egter, word allerlei tegnieke in die teks ontplooi om waarheidsaansprake te fnuik en historiese korrektheid te destabiliseer. In Tip Marugg se *De morgen loeit weer aan* komplimenteer 'n karakter, Eugenio, die verteller met 'n gedig wat die verteller oor Lillith, 'n vrou, geskryf het (12). Dit is 'n gedig wat konkrete outeur Marugg self geskryf en gepubliseer het (Marres 1989: 10). Vele besonderhede uit die lewe van Marugg stem ooreen met dié in die lewe van die verteller (De Jesus 1992). Alexander Strachan se foto is dofweg sigbaar ágter die ander beelde op die voorblad van sy *Die jakkalsjagter* - 'n palimpses wat die leser reeds op die winkelrak waarsku dat 'n bepaalde leeshandeling, wat bewus is van die problematisering van die grense tussen waarheid en fiksie, vereis word.

Hierdie opmerkings knoop ons die debat rondom die outeur-as-subjek of die outeur-as-oorsprong van die teks in die oor. Dit is 'n gesprek wat ons - weer eens - moet gaan haal by die ongemak van die verlede, en wel, by wyse van illustrasie, by 'n Suid-Afrikaanse verlede.

Besondere toestande in Suid-Afrika het skrywers en teoretici genoop om miskien meer as hul kollegas in meer serene omstandighede op die Europese kontinent, oor die politieke potensiaal van die postmodernisme te besin. 'n Vraag wat byvoorbeeld dikwels gevra was, is: Kan die postmodernisme op verantwoordelike wyse omgaan met die verre en onlangse verlede, en die invloede daarvan op die hede? En dit is spesifiek die outeursfiguur wat onder die vergrootglas kom. Die klag teen die bekende postmodernistiese beskouing dat die outeur dood is, is in die polities-onstuimige jare tagtig 'n keer só verwoord:

poststructuralism destroys the notion of the individual subject as source of meaning. There is no room for the contesting author to stand up and be counted because he, too, is seen as no more than an intersection of codes and structures.

Olivier, aangehaal deur Chapman 1988: 334

Desondanks, of selfs daarom, het die figure André P. Brink en J.M. Coetzee, as die simboliese verteenwoordigers van onderskeidelik die Afrikaanse en Engelse Suid-Afrikaanse literatuur in die laat jare tagtig, in die spervuur te staan gekom. Dié debatte, waar die rol van die outeur-as-subjek telkens ter sprake gebring is, is gedokumenteer: die Brink-debat in Galloway (1990/9) se boek oor Breytenbach, en die Coetzee-debat in Attwell (1993) se studie van Coetzee se oeuvre.

Teen die agtergrond van daardie debatte oor die rol van die skrywer in 'n ondemokratiese staat en die aanklagte van onbetrokkenheid wat aan die deur van postmodernistiese skrywers gelê is, kan ons kyk na ons drie romans se problematisering van die outeur-as-subjek en as oorsprong van sy teks en onself afvra of hierdie tekste op onverantwoordelike wyse met gister omgaan al dan nie.

Dit is duidelik dat die drie tekste getuie is lewer van wroegende bemoeienis met die verlede. Dit is tekste wat deur intens selfbewuste subjekte aangebied word wat daarop ingestel is om private geskiedenis openbaar te maak. Ons kan in hierdie verband die woorde van William Ray in gedagte hou tydens ons beoordeling:

self-representation provides a strategy for determining one's own

identity: by producing more compelling accounts of one's self than those presumed by the existing hierarchy, the distinctive protagonist generates a frame of identity capable of displacing the established order.

Ray 1990: 4

Dit is duidelik dat dié opvatting van Ray oor die inskryf van die self in die geskiedenis veel meer selfversekerd is oor die subjek se stabiliteit en vermoë as Roland Barthes, wat in sy bekende opstel "The death of the author" skryf:

writing is the destruction of every voice, of every point of origin. Writing is that neutral, composite, oblique space where our subject slips away, the negative where all identity is lost, starting with the very identity of the body writing.

Barthes 1988: 168

Barthes wil dus wegbeweeg van die klem wat op die outeur as figuur geplaas is. Hy beskryf dié tradisionele huldiging van die outeur soos volg:

The image of literature to be found in ordinary culture is tyrannically centred on the author, his person, his life, his tastes, his passions.

Barthes 1988: 168

Die outeur moet nie meer as die "verlede" van die boek beskou word nie, voer Barthes aan (Barthes 1988: 169-170), en sê:

the modern scriptor is born simultaneously with the text, is in no way equipped with a being preceding or exceeding the writing, is not the subject with the book as predicate; there is no other time than that of the enunciation and every text is eternally written here and now.

Barthes 1988: 169-170

Daar is dus hiervolgens geen ander bron as taal self nie - daarom skryf Barthes (1988: 170) van "language which ceaselessly calls into question all origins".

Dit is hierdie dramatiese doodverklaring van die outeur en die aanwys van taal as enigste bron wat, onder meer, aanleiding kan gee tot die aanklag dat die postmodernisme afsydig staan teenoor die realiteite van die verlede, en dat die postmodernistiese teks nie op verantwoordelike wyse kan omgaan met die gebeure van gister nie.

Maar ten spyte van Barthes se stellings, is dit so dat spore, flikkeringe, afspieëlings en doeblerings van konkrete outeurs in ons drie tekste verskyn. Die "death of the author" lyk eerder na 'n terugkeer van die outeur - nie die selfversekerde liberaalhumanistiese subjek (in die figuur van die Auctor) nie, maar eerder 'n twyfelende, vraende postmodernistiese subjek wat homself voortdurend wroegend aanmeld en gemoed is met die onoplosbare problematiek van die verhouding tussen woord en wêreld. Dit wil ook lyk asof dié subjek 'n aanwesigheid poneer wat die meer radikale sienings van 'n poststrukturalistiese postmodernisme - wat die

aanwesigheid van die subjek afwys - uitdaag.

Hierdie pikareske optredes van die outeursfiguur herinner aan Brian McHale se opmerking:

What is strange and disorienting about the postmodernist author is that even when s/he appears to know that s/he is only a function (hy verwys hier natuurlik na Foucault (1988) se opvatting van die outeur as funksie - E.v.H.), s/he chooses to behave, if only sporadically, like a subject, a presence.

McHale 1987: 201

Subjektiviteit versplinter in ons tekste in soverre dit gaan oor die spel tussen konkrete outeur, verteller, karakter in die teks en, in die geval van Strachan, versplinterde skrywende instansie. 'n Mens sou kon verwys na 'n "plurality of selves" (McHale 1987: 201), maar ondanks dié middelpuntvlietende verstrooiing van spore van subjektiviteit in die teks, is daar 'n sentripetale of middelpuntsoekende aanwesigheid wat sinspeel op die teenwoordigheid van 'n soekende self.

Alexander Strachan se *Die jakkalsjagter dien*, wat ons drie romans betref, as die mees radikale voorbeeld van sodanige spel tussen 'n tegelykertyd middelpuntvlietende en middelpuntsoekende subjek. Die teks bevat drie verhaallyne, wat die lewens van, aanvanklik oënskynlik, drie karakters vertel. Mettertyd groei daar uit dié teks van onderbrekings en versplintering die besef dat dié drie karakters inderwaarheid afspieëlings is van dieselfde skrywende instansie. 'n Psigogram van versplintering en, ironies, heelheid word geskep tydens die konfrontasie van 'n enkele persoonlikheid met sy verlede, hede en toekoms. En die konkrete outeur, op die voorblad vertekstualiseer, vra by wyse van hierdie visuele vooropstelling dat sy lewe met die lewe van die karakter in die teks vergelyk moet word.

Oor dié koggelende aanwesigheid skryf Brian McHale:

This oscillation between authorial presence and absence characterizes the postmodernist author. Fully aware that the author has been declared dead, the postmodernist text nevertheless insists on authorial presence.

McHale 1987: 202

Hierdie speelsheid van die postmodernistiese teks gaan gepaard met, soos reeds opgemerk, die erns van subjekte wat hul verantwoordelikhede ten opsigte van die verlede probeer naspoor. In hierdie sin poneer die erkenning van die onoplosbaarheid van die verhouding tussen werklikheid en woord 'n groter waarheid as wat die verswyging van dié problematiek sou, en is dit ook, ironies, meer "realisties."

Hierdie subjek, wat sigself in 'n flikkerende aan- en afwesigheid onnutsig aanbied as konkrete outeur, maar dan ook weer nie, opper die uitspraak van Patricia Waugh:

metafictional texts which introduce real people and events expose not only the illusion of verisimilar writing but also that of historical

writing itself. The people and events here may "match" those in the real world, but these people and events are always recontextualized in the act of writing history. Their meanings and identities always change with the shift in context. So history, although ultimately a material reality (a presence) is shown to exist always within "textual" boundaries. History, to this extent, is also "fictional."

Waugh 1984: 106

In verband met die subjekte in tekste soos dié wat ons hier beskou, sou 'n mens kon verwys na die stelling dat hulle as protagoniste op storievlak geen historiese tipes is soos wat 'n leser in 'n konvensionele historiese roman sou vind nie, maar eerder, in Linda Hutcheon (1988: 14) se terme, eksentrieke karakters - "ex-centrics" - wat as gemarginaliseerde, perifere figure wé gstaan van die sentrum. Terwyl daar in al drie romans na historiese gebeure verwys word, val die klem, wat die vertellende karakters betref, eerder op sake wat, in konvensioneel-historiese terme gesien, marginaal of insidenteel is. Hierdie tendens is in al drie romans aan te toon.

Die verteller van *Bezonken rood* is nie daarop uit om 'n makrogeskiedenis oor oorlogstoestande in Nederlands-Indië te skryf nie. Hy wil eerder 'n alternatiewe geskiedenis skep, want, merk die verteller op: "De geschiedenis van die Japanse kampen dreigt verloren te gaan, want wie het hebben meegemaakt hebben erover gezwegen" (22). Hy bekla hom ook dat, wanneer dit oor die kampe gaan, mense met "vertedering" en "heimweë" na die kampverlede verwys en die mening huldig dat "het allemaal wel niet zo erg zal zijn geweest" (22). Hy herinner hom hoe, lank na die oorlog, daar in sy ouerhuis geskater is wanneer na die kampjare verwys is: "Zo is de geschiedenis van die kampen weggespoeld in golven van hilariteit" (48). Hy wil juis téén die gewoonte om te verswyg inskryf, en dit wat getrivialiseer is, met erns en patos bejeën.

Die verteller van *De morgen loeit* weer aan demonstreer dié neiging tot die skep van 'n private, alternatiewe geskiedenis wanneer hy dit het oor die deur arbeidsonrus gedrewe opstand op die Karibiese eiland Curaçao van 30 Mei 1969, toe 'n deel van Willemstad verwoes is. Hy rapporteer:

De dag toen zo veel veranderde, de dag waarop het maagdenvlies van mijn dommelig geboorte-eiland met weerstand, pijn en bloeding inscheurde, heb ik doorgebracht met een vrouw met een zachte, mispelbruine huid in een hangmat met rinkelende kalebassen (70).

Hutcheon sou hieroor opmerk:

What has surfaced is something different from the unitary, closed, evolutionary narratives of historiography as we have traditionally known it ... we now get the histories (in the plural) of the losers as well as the winners, of the regional (and colonial) as well as the centrist, of the unsung many as well as the much sung few.

Hutcheon 1989: 66

Oor die rol van die subjek in hierdie tekste sou 'n mens kon opmerk dat sy strewe in die sfeer van die apokriewe en marginale - selfs eksentrieke - lê, maar dat hy terselfdertyd intens gemoeid is met die projek om die private openbaar te maak,

mét die veronderstelling dat dit 'n geldige vorm van geskiedskrywing is. Dit is 'n subjek wat die aandag op sigself vestig en sodoende die fokus plaas op die in die verlede dikwels onsigbare hand agter die historiese dokument.

5. Die betwyfeling van waarheidsaansprake

Weens hierdie relativering van die verkennende subjek, weens belydenis van twyfel en onsekerheid en wantroue in die tekstuele oorblyfsels van die verlede, het aansprake op historiese juistheid in ons jongste tyd begin wankel.

Die verteller van *Bezonken rood* reken byvoorbeeld nie dat hy met premodernistiese selfvertroue 'n besondere "waarheid" sal opteken nie. Waarheidsaansprake word reeds, as sinjaal aan die leser, op die eerste aantal bladsye van die teks negeer wanneer die verlede as onpeilbare, diffuse ruimte aangebied word, agter swewende mis. 'n Register, geskep by wyse van formulerings soos "misschien", "waarschijnlijk", "ergens", "plusminus" en "afgeleid" (8-10), wil aantoon dat die werklike omstandighede rondom sy moeder se dood dryf agter misdwarrels van waarskynlikheid en bespiegeling - selfs pogings tot verswyging, want die verpleegster van die tehuis waar die verteller se moeder versorg is, word berispe nadat sy versuim het om sekere gegewens rondom die moeder se dood te verswyg ten einde die huis te beskerm en die belange van die hede te dien (9). Dit is in hierdie mistigheid dat die verteller tuur terwyl hy sy verlede probeer reconstrueer.

Ten spyte van hierdie teksstrategieë, is die verskyning van *Bezonken rood* vanuit sommige oorde in Nederland begroet met verontwaardigde, angstige formulerings soos "historische onjuisthede", "leugens", "vervalsing van de waarheid" en "geschiedvervalsing" (De Vos 1982: 45).

Die roman het die kritiek dus voorgeloopt en sou met groter begrip ontvang gewees het indien leeshandelings uitgegaan het van die besef van, in Hutcheon se woorde, "the shift from validation to signification" (1988: 96). Marshall stel dit só:

The question historiographic metafiction raises, then, is not what is the "true" history, but rather, who presents what history, and who reads and interprets it, towards what purpose?

Marshall 1992: 153

Die roman wil, uitgaande van bostaande beskouing, dus eerstens die aandag vestig op die onvermoë van die subjek om die verlede met selfvertroue te peil - vandaar sy bewuste verstrooiing van woorde wat op twyfel, bespiegeling en verswyging dui. Die selfvertroue in historiese korrektheid wat sommige Nederlandse lesers van die teks vereis het, is juis iets wat die teks uitdruklik van die hand wys:

The [...] decentering of the subject from the position from which reason emanates means that we may no longer perceive of history as a linear construct which places the subject, in the present, in the privileged position of making sense of all that has come before - as if the subject were either "outside" of history, or else the final moment to which all history has marched.

Marshall 1992: 148

Jeroen Brouwers, skrywer van *Bezonken rood*, het in die aangesig van die kritiek lakonies opgemerk: "Ik heb niet gelogen, ik heb een roman geschreven" (De Vos 1982: 45). *Bezonken rood* ontplooi ook verskeie ander tegnieke om die leser teen waarheidsaansprake te waarsku. Wanneer die verteller ná sy moeder se dood haar foto-albums as oorblyfsels uit hul verlede deurblaai, vind hy dat geen foto's van hom daarin voorkom nie en dat hy afwesig is uit die geboekstaafde verlede.

Historiese feite, soos die besonderhede van die Japanese kamp en offisiere daar aan diens, word nie, soos by die konvensionele historiese roman, aangewend om die verhaalgewewe te stabiliseer met kontroleerbare gegewens nie, maar dien 'n teenoorgestelde doel, naamlik om 'n verglydingsproses tussen sogenaamde feite en die emosioneel-psigologiese werklikheid van die verteller te inisieer. Historiese feite speel dus op ironiese wyse eerder 'n destabiliserende as die verwagte stabiliserende rol.

Wanneer die verteller sy moeder se sterwensomblikke probeer rekonstrueer aan die hand van televisieprogramme wat sy moontlik in haar laaste ure gekyk het, blyk dit dat sodanige gegewens nie die "werklikheid" kan anker nie - ten spyte van 'n ywerige Nederlandse kritikus wat aangetoon het dat die roman dit verkeerd het wat betref gerapporteerde televisieprogramme op die aangegewe sterfdag en -tyd van die moeder.

Historiografiese metafiksie wil nie historiese juiste data assimileer om die romangegewe te onderskraag nie, maar het 'n ander doel:

we watch the narrators [...] trying to make sense of the historical facts they have collected. As readers, we see both the collecting and the attempts to make narrative order. Historiographic metafiction acknowledges the paradox of the reality of the past but its textualized accessibility to us today.

Hutcheon 1988: 114

Bezonken rood wil dus veral die aandag vestig op die probleme rondom die insameling van historiese gegewens en die geding met die geheue. As sodanig beteken dit egter nie dat die teks afsydig staan teenoor die verlede nie, want die roman registreer 'n intense bemoeienis met die skrywer as historiograaf wat vasgevang is in die proses van "transformation of personal story into shared history" (Ray 1990: 134).

En aansprake óp historiese juistheid is van minder belang as vrae oor die prosesse by wyse waarvan die geheue met gister in geding tree. Hier sou 'n mens kon byvoeg dat die teks, wat die historiografie as dissipline betref, die aandag wil vestig op vrae rondom metodiek en selfvertroue.

6. Die onmag van taal

Onderliggend aan die skoorvoetende beskouings oor waarheidsaansprake en die vermoë van die subjek om met selfvertroue historiese kennis te skep, is die

bewustheid van die onmag van taal.

Desondanks is taalbewustheid voorop in die tekste. Die verwysings na vroeër geskrewe tekste in *Die jakkalsjagter* en *Bezonken rood* wys ons daarop dat die verlede van hierdie tekste ook uit taal bestaan, en wil uitwys na die wyse waarop ons in die algemeen op die tekstuele oorblyfsels van die verlede aangewese is wanneer ons gister probeer rekonstrueer.

Die wantroue in taal word op allerlei wyses in die drie romans bely, en skep ook 'n onsekere ruimte vir die verteller in *De morgen loeit weer aan*. Hierdie verteller, ook gemoeid met 'n problematiserende inskryf van die self in die geskiedenis (Hutcheon 1988: 117-118), se vertelling gaan gebuk onder die besef: "Het leed van vandaag word gebragt door de dingen die gisteren zijn gebeurd" (33). Hy beskryf sy vertelonderneming soos volg: "Ik poog de voorgeschiedenis in de herinnering terug te roepen van alles wat mij bestuurt en beïnvloedt" (39). Maar deurdrenk van alkohol is hy 'n onbetroubare dokumenteerder van die verlede: "Er is geen weg terug. Maar ik drink en laat mij meevoeren in mijn efemere roes naar een lewensfase die onverwelkt was" (52).

In sy skep van 'n alternatiewe Karibiese verlede, meegevoer deur koorsdrome en alkohol, verwys hy na werklike politieke gebeure soos die slawegeskiedenis en politieke opstand, maar ook na Suid-Amerikaanse mitologie en allerlei kosmiese ontgogelings. Uiteindelik bied hy 'n visionêre blik op die verlede en 'n aanklag teen maatskaplike wantoestande in die Karibiese gebied.

Sy vertellings sluit nie alleen jeugervaringe in nie, maar groei uit tot 'n teks met verskillende registers: verwysings na historiese gebeure, sosiaal-satiriese teksgedeeltes, grootheidswaan, mites, dronkmansdrome en 'n visionêre, grootse blik op 'n nuwe woongebied, "dat ditmaal niet door een kromme navelstreng verbonden zal zijn met het noorden (Noord-Amerika - E.v.H.) en zonder het Spaans als voertaal"(142). Ten slotte moet ook die Karibiese eilande in 'n waas van alkoholiese drif afskeur van die aardkors en in die maalstroom van 'n woedende see verdwyn, waarmee die roman eindig en die vraag of die verteller homself daarmee ook vernietig het, oopgelaat word.

Onderliggend aan die intense swymeling en die verslingering tussen taalregisters is geen stabiliteit in taalgebruik nie, maar 'n wesentlik onbetroubare taalhantering. Wanneer die verteller uiteindelik verklaar: "Het is volbracht; de complete geschiedenis van het oude continent is geschreven" (142), is dit 'n selfbewuste, selfironiserende stelling wat die wantroue in wat hy kwytgeraak het, versterk en die leser laat begryp waarom hy opmerk: "De morgen loeit weer aan en is niet te vertrouwen" (143).

Die wantroue in taal het ook direkte tekstuele implikasies in soverre dit die bou van die tekste betref. Die gedateerde siening van die geskiedenis as naatlose stroom word afgewys wanneer, byvoorbeeld, *Die jakkalsjagter* en *Bezonken rood* by wyse van 'n verskeidenheid tegnieke - teksgedeeltes tussen hakies, stomp eindes, ensomeer - strategieë van onderbreking ontplooi. Hierdie opsetlike uitstal van "the stigma of temporal dislocation" vestig die aandag op pogings van sekere historici om die verlede as logies ontwikkelende stroming te beskryf en vra aandag vir onderbrekings, verrassings en onverklaarbaarhede - en veral vir die onvermoë van taal om aan gebeure wat as arbitrêr en selfs chaoties ervaar word, orde op te lê.

Deurdadig die aandag by wyse van verskeie tegnieke op taal gevestig word -

byvoorbeeld die aksent op die skryfdaad in Die jakkalsjagter en die satiriese aanhaal van sekere gerapporteerde woorde in Bezonken rood - word gewaarsku dat ons op twyfeltaal aangewese is vir ons beskouings van die verlede. Ons is die slagoffers van konstruksies; ons verlede is vertekstualiseerd en is 'n argeologiese begrip. Nie alleen is die aankomende môre, wat homself so dringend aankondig, nie te vertrou nie, maar ook ons pogings om die hede te vertaal. Hier is 'n karakter in De morgen loeit weer aan waarskynlik korrek wanneer hy opmerk: "Zowel een blijde toekomstverwachting als een rijke herinnering zijn bedrieglijke zaken" (130).

Gedagtig daaraan dat môre eersdaags gister sal wees, is dit miskien 'n mooi motto om mee af te sluit tydens 'n kongres gehou op die drumpel van 'n nuwe millenium.

Mag ek afsluit met die volgende:

Op de kentering der tijden geboren
in onze oogen nog de ondergangen
van de oude werelden die verbleeken,
onze lippen geplooid ten nieuwen groet,
en in ons hart een tweedracht van verlangen
naar droomen van weleer, die wij verloren,
naar de nieuwe, wier bloesems openbreken -
zoo moeten wij door bittere jaren zwerven,
het is altijd een strijd en een ontbreken:
alles in ons beweegt zich als een vloed
en somtijds zinkt het weg, alsof wij sterven ...

Henriëtte Roland Holst-Van der Schalk, in Antonissen 1972: 93

Vakgroep Afrikaans en Neerlandistiek
Universiteit van Kaapstad

Bibliografie

Antonissen, Rob. 1972. Digkuns van die Nederlande. Stellenbosch: UUB.

Attwell, David. 1993. J.M. Coetzee: South Africa and the Politics of Writing. Berkeley: University of California Press en Kaapstad & Johannesburg: David Philip.

Barthes, Roland. 1988. The Death of the Author. In: David Lodge (red.). Modern Criticism and Theory: A Reader. Londen & New York: Longman.

Brouwers, Jeroen. 1978. Zonsopgangen boven zee. Amsterdam & Utrecht: De Arbeiderspers.

Brouwers, Jeroen. 1992 (1979). Het verzonkene. Amsterdam: De Arbeiderspers.

Brouwers, Jeroen. 1981. Bezonken rood. Amsterdam & Antwerpen: De Arbeiderspers.

Chapman, Michael. 1988. The Writing of Politics and the Politics of Writing. On Reading Dovey on Reading Lacan on Reading Coetzee on Reading ... (?). Tydskrif

vir Literatuurwetenskap 4(3): 327.

De Jesus, Sherman. 1992. Niemand goedenacht. Dokumentêre videoprogram in die reeks De indiaan baarde een neger. Utrecht: Accent-produksies.

De Vos, Marjoleine. 1982. Waar of niet waar: "Bezongen rood" in discussie. In: Bzzlletin 11 (98): 45.

Galloway, Francis. 1990/9. Breyten Breytenbach as openbare figuur. Pretoria: HAUM-Literêr.

Marshall, Brenda K. 1992. Teaching the Postmodern: fiction and Theory. New York & Londen: Routledge.

Marugg, Tip. 1988 (1958). Weekendpelgrimage. Amsterdam: De Bezige Bij.

Marugg, Tip. 1988. De morgen loeit weer aan. Amsterdam: De Bezige Bij.

Ray, William. 1990. Story and History: Narrative Authority and Social Identity in the Eighteenth-Century French and English Novel. Cambridge & Oxford: Basil Blackwell.

Saris, Leo. 1989. Sterven in het ochtendblauw: de structuur en de motieven van Tip Marugg's De morgen loeit weer aan. Ongepubliseerde doktoraalskripsie, Rijksuniversiteit Leiden.

Strachan, Alexander. 1990. Die jakkalsjagter. Kaapstad: Tafelberg.

Strachan, Alexander. 1994. Die werfbobbejaan. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, Etienne. 1997. Postmodernisme en prosa: vertelstrategieë in vyf verhale van Abraham H. de Vries. Kaapstad, Pretoria & Johannesburg: Human & Rousseau.

* Sleutel-lesing gelewer tydens die Derde Internasionale Neerlandistiek-kongres, 7-11 Julie 1998, aan die Universiteit van Kaapstad.

[Elektroniese weergawes van T.N&A](#) [Kontaknommers](#) [Algemeen](#) [Riglyne vir outeurs](#) [Bo](#)

Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans 6de Jaargang, Nommer 1. Junie 1999

Een nieuwe Nederlandse literatuurgeschiedenis *

- Eep Francken -

Abstract

This article has a dual focus. In the first place, it is intended to convey information about the new Dutch literary history being prepared under the auspices of the Nederlandse Taalunie. After details on organisation, contents and goals, I discuss the approach as regards colonial literature, using the Dutch-Afrikaans relation by way of concrete example. Subsequently, I concentrate upon Afrikaans literature. I explain why the intended literary history of Dutch Literature will devote little attention to Afrikaans literature. In closing, I put the relevant decisions in their historical perspective, by tracing the way in which Dutch literary historiography has treated Afrikaans literature to date.

Ver, ver weg, op de rand van de Tweede Wereldoorlog, in 1939, lanceerde de Gentse professor Frank Baur, tweeënvijftig jaar oud, de Geschiedenis van de Letterkunde der Nederlanden. (1) Dit is groepswerk: in de inleiding van het eerste deel kondigde Baur negen delen aan, van in totaal acht auteurs. Tien jaar later, in 1949, waren er ondanks of dankzij de oorlog vijf delen klaar. Baur kwam nu met een nieuw plan. Er zouden nog vijf delen volgen; het totaal ging dus van negen naar tien. Van die vijf zijn er vier ook werkelijk gereedgekomen, zij het in traag tempo: het laatste verscheen in 1988 (buiten de reeks). (2) Het wak in de route blijft liggen bij de Vlaamse literatuur van de negentiende eeuw; de ironie wil dat Baur dit onderwerp zelf voor zijn rekening had genomen. (3)

Deze bijna volbrachte grote onderneming heeft drie voorgangers, alle drie eenmanswerken. Het oudst is dat van Jonckbloet, de Leidse hoogleraar uit de tweede helft van de negentiende eeuw, voortrekker in meer dan één opzicht. (4) Zijn twee navolgers Kalff en Te Winkel waren elkaars tijdgenoten en mededingers. Voor alle drie staat literatuurgeschiedenis in het teken van de natievorming. Van de drie wordt Te Winkel (de man van de objectiviteit) de laatste decennia nog het meest geprezen, vanwege de vele feiten die hij biedt en die hem in zijn eigen tijd opscheepten met het odium van onleesbaarheid. (5)

Baurs G.L.N. heeft één opvolger, tevens concurrent, namelijk het werk van Knuvelder. Knuvelders oriëntatie is Brabants en katholiek. Zijn vierdelige Handboek begon te verschijnen in 1948 en bracht het tot een vijfde druk (record!). (6) Het loopt tot 1916; zijn boek over de periode 1916-'54 hield hij buiten de reeks. (7) De laatste decennia is over Knuvelder negatief geoordeeld. Ton Anbeek, Knuvelders criticus bij uitstek, merkt over het "vijfde deel" zelfs op dat de auteur het "gelukkig niet liet herdrukken"; (8) Anbeek kan de tweede druk van dit "deel vijf" luchten noch zien.

De kritiek komt ten dele doordat Knuvelder met de heersende modes botste. Eerst was het woord vooral aan de theoretici die uitvoerig gingen op de bezwaren tegen

de literatuurgeschiedenis; Knuvelder was hun naastbijliggende Kop van Jut. Inmiddels zijn de tijden veranderd en is de literatuurgeschiedenis - mede door Anbeeks invloed - weer in aanzien, maar men wil nu een historische oriëntatie, terwijl Knuvelder grossiert in kwaliteitsoordelen vanuit zijn hier en nu.

Na "de Knuvelder", waarvan de laatste editie in het begin van de jaren zeventig uitkwam, volgt een lange tijd niets. Wij Nederlandssprekenden beschikken, in tegenstelling tot de Afrikaanstaligen en andere beschaafde taalgemeenschappen, dus niet over een actuele omvangrijke literatuurgeschiedenis. Deze situatie wordt meer en meer als een misstand gezien. Zo kwam het op initiatief van A.M. Musschoot, Gents hoogleraar als Baur, tot een plan voor een nieuwe Nederlandse literatuurgeschiedenis. [\(9\)](#)

Op 16 oktober 1997 publiceerde de Brusselse krant De Standaard onder de mooie dubbelzinnige kop: "Taalunie schrijft literatuurgeschiedenis" een bericht dat begint als volgt: "Het Comité van Ministers van de Nederlandse Taalunie [\(10\)](#) besteedt 44 miljoen frank aan de uitgave van een nieuwe literatuurgeschiedenis voor het grote publiek. Het boek zal zeven delen tellen en wordt in zes jaar geschreven door negen auteurs onder leiding van A. J. Gelderblom uit Utrecht en zijn Gentse collega A. M. Musschoot." Voor de tweede keer is er een collectieve Nederlandse literatuurgeschiedenis in aantocht.

1. Organisatie; inhoud

"Iedereen" in Nederland en Vlaanderen is het erover eens dat een "nieuwe Knuvelder" niet meer door één man of vrouw gemaakt kan worden. Voor die taak is naar ieders overtuiging geen Vlaamse of Nederlandse Kannemeyer gewassen. Daarom is gekozen voor een negental, en wel in de volgende opstelling: Van Oostrom (Leiden) vroege middeleeuwen, Pleij (Amsterdam) late middeleeuwen, Porteman (Leuven) en Smits-Veldt (Amsterdam) renaissance, Kloek (Utrecht) achttiende eeuw, W. van den Berg (Amsterdam) en Couttenier (Antwerpen) negentiende eeuw, Goedegebuure (Tilburg) tot 1940, Brems (Leuven) na 1940.

De organisatie is overigens van een Nederlandse uitvoerigheid. De auteurs kunnen steunen op een viertal "klankbordgroepen" met bij elkaar zo'n vijftiengintig neerlandici.

De auteurs kunnen een paar jaar van hun onderwijs worden vrijgesteld (met de franken van de Taalunie). De hoofdredacteurs schrijven zelf niet. Hun zorg is "alleen maar" dat ieder doet wat hij moet doen, en dat ook nog op tijd; de reeks moet deel voor deel verschijnen vanaf 2003. Twee hoofdredacteurs zijn er niet alleen met het oog op de vermeende zwaarte van hun schone taak, maar ook om het Nederlands-Vlaamse karakter van de onderneming te beklemtonen.

Een vergelijkbare organisatie kende de G.L.N. beslist niet; hopelijk zal alle geregeld goed uitpakken. Een ander verschil met de G.L.N. is dat destijds tussen de auteurs weinig of niets lijkt te zijn afgesproken over een gemeenschappelijke aanpak; het karakter van de verschillende delen loopt sterk uiteen. Vandaag de dag wil men zulke afspraken wel, omdat er anders negen losse boeken op tafel komen in plaats van één groot werk. Ze mogen de auteurs niet te veel binden ("geen keurslijf"), maar een zekere overeenstemming is toch nodig.

Wie spreekt over literatuurgeschiedenis, krijgt altijd te maken met vragen als: objectief of subjectief? Historisch of kritisch? Een afspraak tussen negen auteurs en tientallen adviseurs draagt vanzelf het karakter van een compromis. Bovendien zal zo'n overeenkomst de tijdgeest spiegelen; wie tegen de stroom oproeit begeeft zich niet in een groot collectief met steun van de staat.

Algemeen uitgangspunt is het denkbeeld van de "functionalistische" literatuurgeschiedenis. Het gaat niet in de eerste plaats om geïsoleerde boeken en schrijvers, maar - volgens de geldende mode - vooral ook om de omgeving, de "context" waarin de literatuur "functioneert". [\(11\)](#) Hoe staat de literatuur in de samenleving? Hoe ziet de literaire wereld eruit? Betrekkelijk veel aandacht gaat uit naar het literaire bedrijf: bibliotheken, leeskringen, uitgevers, de boekhandel, het onderwijs. Men heeft ook veel belangstelling voor de ontwikkeling in de ideeën over literatuur. Hoe heeft men in de loop van de tijd gedacht over de vraag naar aard en functie van literatuur?

Hier zitten in de opzet sterke historische accenten. Maar er staat wel iets tegenover. Tot de afspraak hoort ook dat het literaire werk centraal blijft staan en dat ook de schrijvers ter sprake komen; zelfs mogen er waarde-oordelen worden uitgesproken. Voor de kritische kant van de literatuurgeschiedschrijving is dus wel ruimte gelaten.

Hierover is verdere discussie te verwachten, zowel voor als na de publicatie. Als het goed is, als er in dit opzicht een goed evenwicht komt, dan is ook een deel van de kritiek anno 2003 te voorspellen. Traditionele vakbroeders zullen zeggen: dit is geen literatuurgeschiedenis maar sociologie; hardboiled literatuursociologen zullen het werk bestempelen als onwetenschappelijk.

Hofmeyr, Isabel. 1966. Popularising History: The Case of Gustav Preller. In: Stephen Clingman (ed.). 1991. Regions and Repertoires: Topics in South African Politics and Culture, 60-83. Braamfontein: Ravan Press.

Preller, Gustav S. 1912. Piet Retief. Pretoria: Volkstem Drukkerij.

Preller, Gustav S. 1917. Dagboek van Louis Trigardt (1836-1838). Bloemfontein: "Het Volksblad" -Drukkerij.

Preller, Gustav S. 1937. Andries Pretorius. Johannesburg: Die Afrikaanse pers.

Rothmann, M.E. 1920. Kinders van die Voortrek. Bloemfontein: De Nasionale Pers Beperkt.

Slater, Francis Carey. 1938. The Trek. London: Macmillan & Co. Ltd.

Tötemeyer, Andree-Jeanne. 1984. The Racial Element in Afrikaans Children's and Youth Literature. D. Phil. proefskrif, Universiteit van Stellenbosch.

[\(1\)](#) "Girls Smoke and Wear Shorts: Boys Slovenly", Rand Daily Mail (Johannesburg), 17 December 1937, p. 17.

[\(2\)](#) "True Afrikaner Spirit Lacking", Rand Daily Mail, 17 December 1937, p. 17.

[Elektroniese weergawes van T.N&A](#) [Kontaknommers](#) [Algemeen](#) [Riglyne vir outeurs](#) [Bo](#)

Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans 6de Jaargang, Nommer 1. Junie 1999

Leipoldt, "Oom Gert vertel" en Multatuli

- Wium van Zyl -

Abstract

After its publication in 1911 the dramatic monologue "Oom Gert vertel" by C. Louis Leipoldt became the subject of more than one literary debate on its interpretation and other questions. In 1913, in a letter to Albert Verwey, Dutch poet and literary critic, Leipoldt mentioned that he used the poem "Golgotha" by the 19th-century Dutch author Multatuli as yardstick for his own poem. Although the Dutch critic J.L. Prinsen had already mentioned a relationship between these poems in 1928, Leipoldt's letter to Verwey remained unknown to Afrikaans critics until it was brought to their attention by J.D.F. van Halsema in 1992. This article scrutinizes the relationship between these two poems and presents another proposal for the interpretation of "Oom Gert vertel".

"Oom Gert vertel" is (op die "Opdrag" in die bundel na) die openingsgedig van Leipoldt se debuutbundel Oom Gert vertel en ander gedigte wat in 1911 verskyn het. Dit is uiteraard 'n groot prestasie van die digter om sy hele oeuvre te open met wat uiteindelik een van die klassieke gedigte in Afrikaans sou word. 'n Mens kan ook in gedagte hou dat hy hiermee in werklikheid deelneem aan die debuut van die ernstiger Afrikaanse letterkunde, die bewys dat Afrikaans wel draer kan wees van hoër gedagtegoed. Beide Eugène Marais se "Winternag" en Jan F.E. Celliers se "Die vlakke" het immers maar vyf jaar tevore verskyn.

Oor die gedig kan 'n mens soos volg saamvat: Dit is 'n dramatiese alleenspraak wat etlike bladsye beslaan. Oom Gert, ou inwoner van 'n dorp in die Kaapkolonie, is aan die woord nadat ene neef Klaas hom uitgevra het oor 'n voorval tydens afgelope die Anglo-Boereoorlog. Twee plaaslike jong mans het naamlik die Engelse krygswet oortree deur te gaan aansluit by generaal Smuts se kommando wat die kolonie binnegeval het. Hulle is uiteindelik deur die Engelse gevang en, soos wat die gebruik was, in die aanwesigheid van prominente dorpsinwoners as rebelle tereggestel. Oom Gert se verbintenis met die twee gaan verder. Die een, Bennie Berends, was nie slegs Oom Gert se peetseun nie, maar het ook 'n verhouding gehad met die oom se dogter, Gerrie. Die ander, Johnnie, was weer sy vriend se seun. Bowendien het hulle voor hul vertrek vir die oom daarvan kom sê, sy twee perde gebruik en ook nog padkos van hom gekry. Gedurende sy vertelling raak hy toenemend aangedaan.

Hoe ná Leipoldt hier hou aan 'n herkenbare situasie, beklemtoon hy in 'n Huisgenoot-artikel in 1933 (Kannemeyer 1990: 58-59): "'Oom Gert" self is geskryf op Dordrecht, onderwyl ek op rondgaande hof was. Dit is na aanleiding van wat 'n oubaas aldaar vir my vertel het, en dit is min of meer realisties, met, natuurlik, vervalsing van name en plekke." Die digter het die Rondgaande Hof as koerantman vergesel om te berig oor die verhoor van rebelle.

Soos J.C. Kannemeyer in sy Leipoldt, 'n lewensverhaal (1999) aandui, het die

Afrikaanse kritiek al vroeg die kwaliteit van die gedig erken, maar eintlik baie lank bly vassteek by 'n beperkte interpretasie: "oom Gert [is] deur die kritiek telkens gesien as "een tipiese, oude boer" (De Waal), iemand wat in die "trant van die ras-egte Boer" praat en "die eerste lewende mens in ons letterkunde" (Dekker)" (1) (Kannemeyer 1999: 330). Die aandag is dus op die treurige verhaal, en meer nog die ingehoue smart en menslikheid van die verteller.

Pas in 1961 kom hier verandering in wanneer Merwe Scholtz in sy artikel "Wat vertel "Oom Gert vertel"" (Scholtz 1975: 53-63) daarop wys dat die kritiek tot dusver "die omvang van die verhaal kleiner gemaak het as wat dit in feite is" (p. 54). Hy vind dat die kritici hulle deur Oom Gert as verteller laat manipuleer het. Eintlik is die Oom 'n klein, bang mannetjie wat - anders as die twee jongmense - sy plig teenoor sy eie mense, dus die Boeresaa, ontduik het. Halfslagtig het hy die jongmense gehelp, maar na die Engelse se kant toe hou hy hom ook goed. In dieselfde jaar gaan ook D.J. Opperman (Opperman 1974: 118-132) in op die gedig as dramatiese alleenspraak en verwys eweneens na Oom Gert se verholde skuldgevoelens en die volgehoue worsteling met die twyfel. Ernst Lindenberg (1965: 63-67) lewer in 1965 op sy beurt weer kommentaar op beide interpretators se uitsprake en handhaaf in 'n groot mate Dekker se benadering. Oom Gert se probleem is sy verskeurdheid weens "die verskillende botsende aansprake op sy lojaliteit: die van sy naasbestaandes, sy "rasgenote" en van sy wettige regering" (p. 64). 'n Kernsaak hierby is 'n skuldgevoel "omdat hy die twee seuns gehelp het op die weg wat uiteindelik tot hulle dood sou lei" (p. 66-67). Hy wys ook daarop dat die verteller immers pas na die oorlog aan die woord is. As hy toe al 'n ou man was, kan daar min sprake daarvan wees dat hy sy plig versuim het deur nie ook as rebel aan te sluit by die Boere nie. (2)

Twee sake wat dr. Kannemeyer in sy biografie aanroer, interesseer my in die verband. (3)

Allereers: Leipoldt self was beswaarlik 'n "ras-egte Boer". Van Afrikaner-nasionalisme was daar by hom geen sprake nie - hy is intendeel byna deurgaans skerp daarteen gekant. Dit is egter wel so dat hy tydens die oorlog vir 'n pro-Boere blad (The South African News) werk en dat sy simpatie na aanleiding van die onreg wat teen Afrikaners gepleeg word duidelik uit sy joernalistieke werk spreek. Hy word egter eerder aangedryf deur 'n breë menslikheid. Dit sou inderdaad verbasend wees as dieselfde Leipoldt iemand wat nie die wapen opneem as rebel nie as 'n lafaard uitbeeld.

Die kwessie met lojaliteite in die destydse Kaapkolonie was uiteraard ook histories geen eenvoudige saak nie. In watter mate Leipoldt hom in die nuanses verdiep het, blyk uit sy twee kortverhale oor dieselfde onderwerp, die een in Nederlands ("De rebel", 1900) en die ander in Engels ("The rebel", 1904).

In "De rebel" (Leipoldt 1999: 5-14) is die hooffiguur, Oom Elias, die toonbeeld van 'n lojalis, iemand in wie se sitkamer 'n afbeelding van Gladstone en 'n beeldjie van koningin Victoria onder die enkele versiersels tel. Na hy reeds veel gely het, word hy egter uiteindelik deur die onmenslikheid waarmee Engelse krygswet toegepas word tot rebellie gedwing.

In "The rebel" (Leipoldt 1999: 39-56) besin die ter dood veroordeelde Frikkie oor sy fatale keuse om by Scheepers se kommando aan te sluit. Sy worsteling met die twyfel vooraf word uitstekend aangebied, 'n twyfel wat hom nou opnuut beheers.

Die besluit, besef hy, was egter reeds voorafbestem in sy gene, in sy bloed- en geestelike verwantskap met die Boere en ander rebelle. Laasgenoemde vertoon trouens die aanskyning van geestelik gelouterdes, tot nasionalisme bekeerdes wat selfs bokant die aardse realiteit uitgestyg het; vergelyk die volgende uitspraak deur een van hulle: "And thou, son, an Afrikaner as I am, thou canst sit in apathy, willing to be of us when our cause is triumphant and the gallows is no longer the reward of those that join us? Sis!" (1999: 52). Pas wanneer vrees vir 'n neerlaag of die doodstraf oorkom word, kan toegetree word tot hierdie gesuiwerdheid. Die verhaal stel ook ander variante: die pro-Engelse Martins wat nogtans 'n Boer is en bereid om te verduur wat sy mede-Boere hom weens sy oortuigings aandoen, Snyders wat fel anti-Engels is maar nie rebelleer nie. Die nuanses word nog verder gevoer deur gekleurde personasies wat byna 'n spieëlbeeld vorm ten opsigte van die blankes se simpatieë.

Die tweede saak wat Kannemeyer opper en hier van belang is, is dat Leipoldt in 'n brief (1913) aan die Nederlandse digter en literator Albert Verwey, daarop gewys het dat Multatuli se "Golgotha" "als maat voor wat ik wou bereiken" gegeld het (Kannemeyer 1999: 323-324). Wanneer Prinsen (1928: 678) in 1928 'n hoofstuk oor die Afrikaanse letterkunde tot sy Handboek tot de Nederlandsche Letterkundige geschiedenis toevoeg, noem hy trouens reeds oor "Oom Gert vertel": "Lees het gedicht in zijn geheel en gij hoort de naklanken van Multatuli's Kruissprook." (4) Leipoldt se brief het egter pas in 1992 danksy 'n referaat deur J.D.F. van Halsema onder die aandag van Afrikaanse kritici gekom (Kannemeyer 1999: 323).

1. Multatuli

Die werk van die Nederlandse skrywer Multatuli (1820-1887) figureer gereeld by Leipoldt. Onder die boeke wat in sy vader se biblioteek beskikbaar was en wat hy op 'n baie jeugdige ouderdom ook gelees het, tel kennelik hierdie skrywer se roman Max Havelaar (1860) en die daaropvolgende Minnebrievien (1861) (Kannemeyer 1999: 74). Nog baie jare later bly die Multatuli-idioom deel van sy woordeskat. (In 1924 sal hy byvoorbeeld na die "droogstoppelagtige ingenomenheid met hulself" van Kapenaars verwys, Kannemeyer 1999: 470). En onder sy verse in die afdeling "Uit my Oosterse dagboek" (Uit drie wêrelddele, 1924) tel die gedig "Aan Multatuli". Die versameling Leipoldt-dokumente in besit van die Universiteit van Kaapstad se Jagger-biblioteek bevat ook die manuskrip van 'n Engelse vertaling wat die digter van die eerste gedeelte van die Minnebrievien gemaak het. Dit sluit "Golgotha" in.

Multatuli is die skuilnaam van Eduard Douwes Dekker, 'n naam ontleen uit Latyn en spesifiek uit die werk van Horatius. Dit beteken "ik heb veel gedragen" soos die skrywer dit implisiet verklaar in die Max Havelaar (236). (5) Die vernaamste ooreenkoms tussen Leipoldt en hierdie Nederlandse skrywer is waarskynlik die verhouding tot die publiek. Soos Multatuli huiwer Leipoldt nie om gereeld, en kennelik met plesier, te bots met algemene opvattinge in die samelewing nie. Reeds die opening van Multatuli se oeuvre, sy Max Havelaar, is 'n dokument wat die Nederlandse staat en sy koloniale politiek en eintlik ook die land se hele burgerlike moraal aanval op 'n wyse wat nooit eerder gebeur het nie. Hiermee lê hy 'n grondslag vir 'n belangrike deel van die moderne Nederlandse letterkunde en skep hy 'n tradisie waarby van die land se grootste skrywers soos die onlangs oorlede Willem Frederik Hermans sou aansluit. Sover as Multatuli gaan Leipoldt

trouens nooit.

Multatuli se debuutroman en eintlik sy hele oeuvre kom daaruit voort dat hy alle weë beproef het om dit onder die owerhede se aandag te bring dat die Javaanse bevolking onderdruk en uitgebuit word. As dit nie help nie, gebruik hy die roman as middel om hom op die Nederlandse volk te beroep. Wanneer Leipoldt as 15-jarige sy eerste polemiese stuk lewer met 'n brief in The Cape Times (1896) waarin hy protesteer teen rasseseiding en -diskriminasie in Suid-Afrika, herinner sy basiese beginsels sterk aan die van Multatuli: "The nation who puts a restriction on freedom will ere long cease to be a nation. The man who has no love for his fellow creature - the man who, moreover, despises his comrade and contrives in the long struggle of life to hamper and handicap him as much as possible, who would give all he can to see his comrade rooted out and left to perish ... that man has not the right to be called a man" (Leipoldt 1999: 1-2).

Die gedig waarna Leipoldt verwys as "Golgotha", staan in Multatuli se eerder vermelde Minnebrievens wat 'n jaar na Max Havelaar verskyn. Dit is onder die titel "Derde sprookje" saam met twee ander "sprookjes" opgeneem in 'n brief van die hooffiguur Max aan sy vrou Tine. (6) Hierdie konteks is belangrik. (7) Ten opsigte van aldrie "sprookjes" word allereers gestel dat volwassenes dit ewe min as kinders sal begryp, maar om verskillende redes. Anders as by die kinders het volwassenes daar naamlik "belang" by (Multatuli 1951: 103). Dit wil sê volwassenes se begrip word dus aangetas sodra iets hul belange raak. Die brief en sprokies is 'n voortsetting van die skrywer se stryd met sy landgenote oor die onreg in Nederlands-Indië. In die eerste sprokie wys hy spesifiek die publiek aan as ongevoelige opportunist. In die tweede word Nederland, eintlik die Nederlandse regering, uitgewys as 'n appèlhof wat nie reg kan spreek nie omdat dit omgekoop is.

In die gedig bied Multatuli vervolgens 'n situasie aan wat seer sekerlik die konserwatiewe en streng kerklike Nederlandse samelewing van sy tyd erg sou geskok het. 'n Mens verbaas jou trouens dat veral Leipoldt se streng moeder dit in die hande van haar jong seun laat kom het.

Die bekende Bybelse kruisingverhaal word naamlik aangebied, maar nou as dramatiese alleenspraak uit die mond van 'n Jerusalemse timmerman ('n kollega dus van Christus of ten minste van Josef) wat uitsluitlik entoesiasies is oor die vermaaklikheids waarde daarvan. Let al op die openingsreëls:

Komt mee, komt mee, daar wordt een man gekruist,
Daar is wat mooi's te zien op Golgotha!

Die slot van hierdie strofe is selfs nog dawerender entoesiasies:

Komt allen mee ... daar is wat fraais te zien!
Komt allen mee ... hoerah voor Golgotha!
Hoerah, hoerah voor Golgotha!

Bowendien word nie slegs die "burgerlui" opgeroep nie, maar ook die kinders. Die spreker neem sy eie dogtertjie saam en tel haar op sy skouer om te sorg dat sy goed kan sien. Dit blyk dat die kinders graag later so 'n kruisigingsgebeure naspeel en daarom baie daarvan hou as die gekruisigde nie sommer doodgaan nie, maar ook van die kruis af iets sê.

Soos dit kennelik die gebruik sou wees, begin almal inderdaad saamstap met die veroordeelde wat sukkelend sy kruis dra. Daar is so 'n gedrang dat daar soms geworstel moet word om behoorlik te sien. Die spreker weet nie behoorlik wat die veroordeelde se naam is nie, maar vir die leser van 1861 sal daar min twyfel wees, veral na die woorde "gekruis" en "Golgotha" in die eerste reëls, en bevestig deur die eerste kruiswoorde, "Eli sabachtani".

Die spreker is dié keer so opgewonde omdat hy hoop op 'n besonder goeie vertoning. Telkens kom hy daarop terug dat die publiek die vorige keer besteel is deur 'n dief - nie soseer ten opsigte van sy aanvanklike misdaad nie, maar omdat hy onmiddellik na die kruisiging gesterf en dus niks interessants gedoen of gesê het nie. Maar in die geval van hierdie Christus is dit anders: "Ik zeg u hij is taai!" Hy is trouens daarin geïnteresseerd om te sien of Christus dalk vooraf geëtel is, want dit kan 'n invloed hê op sy uithou vermoë en die kwaliteit van sy vertoning.

Die spreker is hom daarvan onbewus dat dit dieselfde man was wat kort tevore wisselaars uit die tempel verjaag het. Hy vertel nogtans daarvan en steun hierdie optrede. Dan laat hy dit uitglip dat sy seun Ephraim van die chaos gebruik gemaak het om nie minder nie as 30 silwerlinge (sic!) wat van die handelaars te tafels geval het op te raap en in sy eie sak te steek. En daarna was Ephraim 'n getroue volgeling van Christus om te kyk of daar nie weer sulke kanses kom nie! Hyself is dus allermins 'n Israeliet sonder bedrog want hy steun diefstal as dit tot sy voordeel is. Dit blyk dat ene Schmoel wat voortdurend onderweg na Christus met drek gooi, een van die wisselaars was wat in die tempel skade gely het!

Die enigste persoon in die optog wat nie op die vermaak of wraak afgestem is nie, is Christus se moeder wat onderweg met hom meely. Die leser kan aflei dat die dissipels en ander volgelinge hulself nie kenbaar maak nie.

Uiteindelik bring Multatuli egter 'n verskuiwing aan in die woorde van sy Israeliet. Sy entoesiastiese toon duur voort, maar hy roep nou ook moderne, dit wil sê 19de eeuse figure op tot deelname aan die plesier, 'n doelbewuste anachronisme waardeur die situasie opeens aktueel gemaak word. (9) Die wrangheid word deur hierdie nuwe inhoud versterk. Vervolgens word dit verbind met die uitbuiting van Insulinde, dit wil sê Nederlands-Indië:

Al wat er knaagt aan Insulindse knoken,
Al wat er zuigt aan de Insulindse koe,
Al wat er hangt aan d' afgestroopte tepel,
Al wat er zwelt van 't afgezogen bloed!

2. Model

Die vraag is nou in watter mate het Leipoldt wel Multatuli se gedig as model gebruik? Op die oog af loop die twee gedigte tog sterk uiteen. Ek wil die aandag eers laat val op sommige van die gedeelde elemente en daarna op die moreel-etiese:

Albei gedigte is dramatiese alleensprake in die tradisie van Browning en Tennyson. Opperman (1974: 119) vat - in sy "Die aard van die dramatiese alleenspraak" - die basiese elemente van hierdie genre saam as: "'n spreker, 'n

toehoorder, 'n voorval en, laastens, die reaksie tussen die toehoorder en spreker". Albei gedigte is ook sogenaamde prosagedigte, vrye verse waarin die normale praatstyl min of meer nagevolg word.

Daar is wel 'n verskil in die emosionele toonaard van die sprekers. By Multatuli kom iemand aan die woord wat opgewonde is oor die geleentheid tot vermaak wat die kruisiging bied. Sy uitinge wissel van emosionele juigkrete en oproepe tot belangstellende navrae en min of meer neutrale vertelling en selfs 'n beperkte uitspraak van algemene oordele. Hy laat die leser dus min twyfel dat hy in Booth (1975: 274, 295-96) se terminologie 'n "unreliable narrator" is. (10) Leipoldt se Oom Gert daarteenoor is veel meer ingetoë en so ook minder peilbaar. Hy twyfel of hy die regte persoon is om die verhaal te vertel, nooit is daar iets om oor bly te wees nie, eerder is daar 'n wisseling tussen neutraliteit en diepe pyn in sy uitings. Desondanks sorg Leipoldt vir dieselfde soort onvanpaste vrolikheid as by Multatuli deur Piet Spanspek se galgehumor. Oom Gert se opmerkings oor kolonel Wilson wat "soos 'n brommer, gons en gons" en hoofkonstabel Nichols wat later "lood geëet / En dit nie goed verteer [het] nie" kom eweneens dig in die buurt hiervan, hoewel dit omgewe is deur emosionele bitterheid. Ook Oom Gert en selfs die dominee sorg vir algemene oordele. In beide monoloë is daar egter duidelik 'n verswyging van sommige sake.

'n Groot ooreenkoms in die vertelstyl is wat Opperman (1974: 122) by "Oom Gert" noem die "uitweidings, menslike besonderhede, verdragings, herhalings sodat die hoogtepunt en die oordeel telkens uitgestel word. Dit is 'n kuns van vermoei en boei, van verhul, onthul en kul, van spanning en nuuskierigheid opbou."

Inderdaad is beide sprekers oënskynlik babbelaars. Multatuli laat sy Israeliet in die eerste plek 'n deurlopende kommentaar lewer op die proses na Golgotha tot op die punt van die eerste kruiswoorde. Dit word egter aanhoudend en sistematies gerem deur onderbrekings en semi-onderbrekings. Onder die oppervlak van die woordestroom is daar wel deeglik 'n sisteem. Twee nuwe-vertellings word ingevoeg, naamlik dié oor die vorige kruisiging wat so 'n anti-klimaks sou gebied het en dan dié oor die verjaging van die wisselaars en handelaars uit die tempel. Hiernaas word ook nog uitgewei oor die hitte en kleredrag en oor die betrokkenheid van die kinders by kruisiging:

Hu ... huup ... omhoog uw kind'ren! Dat ze 't zien
En dat ze 't horen, hoe de kruisman spreek,
Om stof te garen voor hun kruismansspel ...

Hier is nie sprake van 'n meganiese patroon nie, maar bogenoemde sake keer telkens terug sodat dit nie slegs vir uitstel en dus spanning sorg nie, maar ook min of meer die funksie van 'n refrein vervul. Dit geld ook die tot viermaal toe herhaalde vraag "wat zeide ik ook het laatst?", 'n aanduiding dus van die Israeliet dat hy die draad van sy storie verloor het - iets wat ons terugvind in die twee keer wat Oom Gert vra "waar was ek?".

Die onderbrekings deur nuwe-verhale word by Multatuli aangevul deur tersydes wat dikwels ekstra opvallend gemaak word deur die hakies waarbinne dit geplaas word. Die vernaamste stel tersydes in hierdie kategorie by Multatuli het te make met die Israeliet se sit en versit van sy dogtertjie Mirjam op sy skouer. Dit dra nie slegs daartoe by om die onmiddellike realiteit in die spel te hou nie, maar druk steeds die leser se neus op die verskriklike opvoedingsmetodes van hierdie mense,

'n emosionele en morele misvorming van die jeug as 't ware. Bowendien beklemtoon die Israeliet hierdeur ook gereeld sy bewuswees van sy klein ongemakke terwyl hy dit terselfdertyd geniet om die lyding van Christus dop te hou.

Leipoldt se gedig word eweneens gekenmerk deur afdwalings, maar dan nie soseer in die vorm van newe-verhale nie. Die uitgebreide gegewens oor die emosionele uitwerking van die twee seuns se rebellie en teregstelling ("daar gaan snikke en trane deur") en ook die gevoelens vooraf in die dorp wat tot hul optrede aanleiding gegee het ("ons kan dit nie hier uithou nie oom Gert"), vervul egter 'n vergelykbare rol. Daarmee hang saam die beperkte gegewens oor die rebellie van Piet Spanspek en Skeeloog-Louw. (Die leser kan onder meer aflei dat Piet ook gesneuwel het). Dieselfde geld die verwysing na tant Nonnie se latere dood omdat sy nie haar gebrokenheid weens die oorlog kon oorkom nie. Ten opsigte van die Engelse word afgedwaal oor kolonel Wilson se beweerde drinkery (om sy gewete se sus?) en die beskaafde hoofkonstabel Nichols se uiteindelijke dood. Dit is verhaalkerne wat die leser kan invul.

Leipoldt maak net soos Multatuli sommige tersydes meer opvallend deur dit tussen hakies te plaas. Hy beperk dit egter uitsluitlik tot wat Oom Gert vir sy dogter Gerrie sê. Dit is in 'n mate vergelykbaar met die aandag wat Multatuli se Israeliet gee aan sy baie jonger dogter. By implikasie word 'n veel jonger generasie dus betrek by die dramatiese gebeure. Ook hier word die realisme van die vertelsituasie so versterk deur klein besonderhede (die hoenders op die stoep, die haan wat die blomme uitkrap, ensovoorts) trouens selfs meer as by Multatuli. Daar is hier egter 'n emosionele spanning by betrokke wat in die Nederlandse gedig veel beperkter is. Oom Gert wil Gerrie uit die pad hê, volgens hom omdat sy nog nie "goed oor die bult" is nie, dit nog nie sielkundig verwerk het nie. Bennie was immers haar vryer. Die leser kan homself egter afvra of dit al is. Is hy nie bang sy meng in met sy weergawe van die gebeure nie? Terwyl Multatuli kennelik daarop inspeel dat die leser van 1861 sal gru oor die moontlike uitwerking wat die aanskouing van iets so gewelddadigs as 'n kruisiging op jong kinders kan hê, kan Gerrie beskou word as 'n meisie wat inderdaad in haar jeug geknou is deur vergelykbare vreeslike gebeure. Dit is trouens 'n opvallende gegewe dat sy aanhoudend terugkeer na die vertelling en dit kennelik wil aanhoor!

Die eerder genoemde egoïstiese aandag aan sy eie gemak deur Multatuli se Israeliet word al vroeg onderstreep en daarna bevestig deur sy klagtes oor die hitte, die lang afstand na Golgotha en sy kleredrag. Met die vorige teregstelling het hy hom spesiaal aangetrek ('n bokleed van groen sy en tulband van kashmirstof). Die keer het hy in sy opgewondenheid en oorhaastigheid dit vergeet:

Want ... vindt ge't niet ontzettend heet van daag
 De zon brandt my op den schedel. 't Rouwt my wél
 Dat ik m'n tulband niet verruild heb voor myn Kashmir,
 Die licht van kleur en koeler is ... dat doet de haast:
 Ik gunde my geen tyd [...]
 Ik heb er spyt van ... Golgotha is vér!

Soos Scholtz (1975: 55-56) beklemtoon, laat Leipoldt by Oom Gert eweneens iets uitglip van 'n poging tot onvanpaste volgehoue spoggerigheid en 'n bewussyn van die ongemak van die weer ondanks die verskriklikheid van die teregstelling waarheen hy op pad is:

Die dag was koel, en daarom was my jas
 Dig toegeknoop - jy weet, ek hou daarvan
 My onderbaadjie te laat spog: vir wat
 Dra 'n mens 'n onderbaadjie as geen mens
 Dit sien nie? - Maar die weer was regtig fris,
 En daarom was my baadjie toegeknoop.

Die voortdurende aandag aan die koffiedrinkery sou gesien kan word as 'n ontwyking van die erge emosie, maar staan eweneens in die teken van aandag aan eie gemak. (Vergelyk onder meer: "Hartlam, gee weer / Die suikerpot! Twee klontjies is te min: / Jy weet, Pa drink sy koffie soet.")

Opperman wys 'n toehoorder aan as kenmerkend van die dramatiese alleenspraak. By sowel Multatuli as Leipoldt is hierdie element inderdaad opvallend aanwesig. Multatuli se Israeliet het selfs 'n hele aantal toehoorders - in die eerste strofe rig hy hom al tot die hele gemeenskap. Soos eerder genoem, volg 'n deurslaggewende wending wanneer hy hom teen die einde nie meer slegs tot die inwoners van Jerusalem rig nie, maar oor eeue spring tot Nederland van 1861 en onder meer selfs die Tweede Kamer in Den Haag aanspreek! Die spektrum van toehoorders word uiteindelik 'n aanduiding van hoe uitgebreid die betrokkenheid by die kruisiging en dus die wandaad is.

Leipoldt gaan in die opsig net soos by die tersydes tussen hakies soberder te werk. Slegs neef Klaas en Gerrie word aangespreek. Nogtans is hier ook sprake van 'n groter publiek wanneer Oom Gert in die begin aandui dat "jongling-mense" in die algemeen lering en bruikbaarhede uit die verhaal kan haal. (11) Dit wil lyk asof neef Klaas by geleentheid voorlees uit die album, maar selfs dit staan nie vas nie. Hy reageer wel met liggaamstaal soos om die oom se hand te vat. Ten opsigte van Gerrie word dit deel van die spanning dat sy nooit 'n spreekbeurt kry nie. By die vertelling van die destydse gebeure kom etlike karakters daarteenoor wel aan die woord - opvallend genoeg byna altyd in 'n mate van opposisie tot Oom Gert. Uiteindelik word ook hier 'n hele gemeenskap betrek by die probleem. Net soos by Multatuli dra die tipiese name en byname by tot die oproep van 'n realistiese sfeer.

Ondanks sy woordestroom sukkel Multatuli se Israeliet met onkunde. Hy ken nie die naam van die veroordeelde nie en kom nie verder as 'n bynaam, "hanootzri" (volgens die skrywer se eie verklaring "timmerman" - volgens Eep Francken eintlik "Nazarener"), wat hy by "de mensen" verneem het nie. Anders as die leser beseft hy ook nie dat dit dieselfde man is ("zekere ISCHA ... / JESHOEAN, zoon van Jozof") wat die wisselaars uit die tempel verjaag het nie. Wat meer is, hy weet nie wat die man se misdaad was en of daar hoegenaamd 'n misdaad was nie! Oor die mees grondige probleem is hy dus onkundig terwyl hy geen teken toon dat hy hom nie daarin wil verdiep nie, dit is vir hom "om 't even"! Hierdie onverskilligheid meer as enigiets anders bevestig sy immoraliteit.

Oom Gert weer herhaal met emosionele klem 'n vraag wat hy teenoor die twee voornemende rebelle geopper het: "Doen? Doen? Iets doen! Ag, wat kan julle doen? Wat kan ons algar doen?" Dit word 'n kernvraag in die gedig waarop Oom Gert 'n antwoord skuldig bly net soos wat hy nooit werklik by die "les" uitkom wat hy in die begin van sy vertelling (r. 5) in die vooruitsig stel nie.

Ek het eerder genoem dat Multatuli se skuilnaam beteken "ik heb veel gedragen". Dit vorm ook 'n herkenningspunt in die gedig self wanneer die verteller die

vermaaklikheidskwaliteit van die veroordeelde juis hierin herken:

Hy schynt wel teer van spieren ... doch zyn blik
Toont dat-i veel geleden heeft en droeg,
Maar dat-i langen tyd nog lyden kan!

Hier word die leser dus al subtiel gewaarsku dat die Christus van hierdie gedig eintlik Multatuli (Max) self is wat verguis word in sy stryd om geregtigheid in Nederlands-Indië. Hierdie reëls word gewysig nog 'n keer herhaal in die Israeliet se oproep op almal om te kom kyk. [\(12\)](#)

Daarteenoor stel Oom Gert homself bekend as iemand wat "Soveel reeds deurgemaak, soveel gely, / Soveel geworstel, en soveel gesien het". Hy kies dus vir homself 'n Multatuli-rol ...

Opvallend is Leipoldt se oornameword van die manier waarop die sterwensomblik op Golgotha beskryf word. Die Israeliet vertel hier hoe oninteressant vinnig die dief by die vorige kruisiging gesterf het: "Maar toen-i hing was het daad'lyk met hem uit!" Die "uit" word hier ter beklemtoning ook nog skuins gedruk en die aantreklike van die woord is waarskynlik die kort en kragtigheid daarvan, die finaliteit wat dit uitdruk. Die uitdrukking word nog driemaal in die gedig herhaal, steeds in teenstelling tot die gewenste vermaaklike voortgesette lyding aan die kruis.

Leipoldt plaas hierdie uitdrukking in die mond van die rebel Johnnie wat volgens Oom Gert astant en snipperig sou gewees het: "Nee, oompie, moenie grens! / Ons het ons plig gedoen, en nou's dit uit." Dit val op dat Oom Gert nie sê dat hierdie spesifieke woord van Johnnie astant sou wees nie, maar die leser sou kan aflei dat hy dit tog so ervaar. Klaarblyklik is dit die toon wat die oom hinder, maar is dit nie ook die siening dat hulle rebelle wel hul plig gedoen het anders as Oom Gert en die ander nie? 'n Mens sou 'n tevredenheid uit Johnnie se woorde en houding ("met 'n glimlag om sy mond") kon aflees. Hy kan sterf in geregtigheid.

Die term duik kort daarna 'n tweede keer op: "'n Korte bidstond het die predikant / Gehou vir ons - en daarna was dit uit." Waarom word dit hier weer gebruik? Sou Oom Gert die gebedsbyeenkoms beskou as die einde van die verrigtinge? Het hy besluit dat die kwessie vir homself hiermee afgehandel is? Die hele voorafgaande vertelling asook die daaropvolgende mededeling in die laaste versparagraaf oor neef Piet en Skeeloog-Louw wat dieselfde nag nog by die Boere gaan aansluit het, dui immers aan dat die gebeurtenis nog lank nie "uit" was wat die nagevolge betref nie.

Hierdie ooreenkomste - en daar is nog meer - is van so 'n aard dat dit niks wegneem van Kannemeyer (1999: 331) se bevinding dat Leipoldt 'n onafhanklike meesterwerk gelewer het.

'n Belangrike verskil tussen die twee gedigte geld die historiese distansie. Multatuli plaas sy Israeliet midde-in die gebeurtenis. Hy bied hom dus nie tyd om sy eie uitsprake en houding agterna te korrigeer nie. Multatuli sorg ten slotte vir 'n historiese sprong waardeur die optrede van die Israeliet en die hele kruisingsituasie toepaslike gemaak word op die eietydse Nederland. Hoewel die spreker steeds nie insig het in sy eie immoraliteit nie, sorg die digter dat daar nou geen twyfel by die leser kan bestaan nie dat die gedig net soos die roman Max

Havelaar die publiek wil konfronteer met Nederland se immorele optrede in Nederlands-Indië. Die leser kan uiteindelik dit ook moeilik miskyk dat hierdie Israeliet 'n poppekaspop in die hand van Multatuli is, 'n Droogstoppel. Dit bring wel 'n dubbelsinnigheid en 'n gespanne ironie mee.

Oom Gert daarteenoor vertel uit 'n agternaperspektief oor 'n gebeurtenis waarby hy selfs 'n deel van die konteks, naamlik die krygswet, moet verduidelik. Sy posisie is dus totaal anders. Hy kan oënskynlik sy eie teks oor die oorlog en sy eie Oom Gert fabriseer soos dit hom pas. Terwyl "Golgotha" (ondanks die feit dat die leser ook reeds vooraf gewaarsku is deur die hele komposisie van die Minnebrievens) dus beeld én eksegese bied, doen Leipoldt dit nie en word die leser oorgelaat aan die fiktiewe verteller en dit wat hy tussen die lyne kan lees. "Oom Gert vertel" is dus 'n subtieler gedig. Daarom bly 'n mens huiwer tussen aan die een kant Scholtz se minder simpatieke interpretasie van Oom Gert as iemand wat sy plig teenoor sy eie mense ontduik het en dit nou probeer wegpraat en aan die ander kant die simpatieke lesing deur Lindenberg dat die Oom 'n verteenwoordiger word van menslike verskeurdheid.

Dit is juis op hierdie punt waar 'n vergelyking met Multatuli se gedig die leser kan help om 'n klein maar belangrike aksentverskuiwing te oorweeg.

Multatuli wil hier nie slegs sy boodskap oor die uitbuiting van die Javaan herhaal nie, maar hy wil ook die skokkende mentaliteit vergestalt van die Nederlandse samelewing wat weier om op die feite te reageer en wat dit klaarblyklik selfs geniet dat die boodskapper figuurlik daarvoor gekruisig word. (12) Uiteindelik is die moraal van hierdie Israeliet 'n kombinasie van leedvermaak, geheime oneerlikheid en 'n verdediging van eiebelang. Dit kom tot uiting in daadloosheid (soos die eerste twee sprokies aanstip) en lei tot menslike lyding en onreg.

Ondanks die verskille is daar by albei gedigte aanduidings van 'n newe-tekst, 'n ander oordeel oor die voorval as die wat die spreker het. By "Oom Gert" bly dit wel veel meer verhuul en dus dubbelsinniger. Soos Scholtz egter by implikasie aangedui het, is daar genoeg tekens dat Oom Gert net soos Multatuli se Israeliet gesteld bly op sy eie gerief en ook sy veiligheid. Hy sit nie 'n voet verkeerd onder krygswet nie of maak ten minste seker hy kan nie gevang word nie en na die oorlog gebruik hy politiek korrekte terme. "Golgotha" se kernreël oor die bose in die gemeenskap geld eweneens vir hom, naamlik dat hy "schoone woorden spreek", maar hom "onthoudt van stryden tegen 't kwaad". Nie die historiese kwessie van plig teenoor volksgenote nie, maar juis die onttrekking, die daadloosheid en die gevolglike immoraliteit kan by beide gedigte as 'n hooftema beskou word.

As Oom Gert sy verhaal definieer as "die storie van ons sterfte", is dit so gesien 'n morele sterfte van Oom Gert en sy mede- daadloses toe hulle gekonfronteer is met onreg. Daad hou hier nie noodwendig die opneem van wapens in nie. Nogtans kom die ligsinnige Piet Spanspek en sy maat moreel hoër te staan as die oënskynlik ernstige Oom Gert. En die twee rebelle wat wel 'n daadkragtige antwoord gegee het op die oom se vraag "Wat kan ons algar doen?", is uiteindelik diegene met 'n geruste gemoed ondanks hul veroordeling. Daarom kan Johnnie glimlag en Bennie kan die wêreld in sy laaste oomblikke in die oë kyk sonder blinddoek.

Bibliografie

Booth, W.C. 1975. *The Rhetoric of Fiction*. Chicago: The University of Chicago Press.

Francken, E. 1990. *De veelzinnige muze van E. Douwes Dekker*. Amsterdam: G.A. van Oorschot.

Kannemeyer, J.C. 1990. *Literêre causerie: C. Louis Leipoldt*. Kenwyn: Jutalit.

Kannemeyer, J.C. 1999. *Leipoldt*. Kaapstad: Tafelberg.

Leipoldt, C.L. 1980. *Versamelde gedigte*. Kaapstad: Tafelberg.

Leipoldt, C.L. 1999. *Uit die skatkis van die slampamperman, 'n omnibus saamgestel deur J.C. Kannemeyer*. Kaapstad: Tafelberg.

Lindenberg, E. 1965. *Onsydige toets*. Kaapstad en Pretoria: Academica.

Multatuli 1951. *Volledige Werken II*. Amsterdam: G.A. van Oorschot.

Multatuli 1985. *Gedichten*. Amsterdam: Bert Bakker.

Multatuli s.j. *Max Havelaar naar het authentieke handschrift uitgegeven en ingeleid door dr.G. Stuiveling*. Amsterdam: Van Oorschot.

Opperman, D.J. 1974. *Naaldekoker*. Kaapstad: Tafelberg.

Prinsen, J. (J. Lzn.). 1928. *Handboek tot de Nederlandsche Letterkundige Geschiedenis*. Derde herziene druk. 's-Gravenhage: Martinus Nijhoff.

Scholtz, M. 1975. *Herout van die Afrikaanse Poësie en ander opstelle*. Kaapstad: Tafelberg

Sötemann, A.L. 1973. *De structuur van "Max Havelaar."* Groningen: Wolters-Noordhoff.

Van Straten, H. 1995. *Multatuli van blanke radja tot bedelman, een schrijversleven*. Amsterdam: Bas Lubberhuizen.

[\(1\)](#) Lg. het hom waarskynlik laat lei deur wat Leipoldt in die Huisgenoot-artikel sê.

[\(2\)](#) Hy suggereer dat Scholtz 'n parallaks-fout begaan en 'n nasionalistiese oordeel maak uit 1961 toe Afrikaner-nasionalisme nagenoeg 'n hoogtepunt bereik het.

[\(3\)](#) Ek erken graag dr. Kannemeyer se inset by hierdie artikel. Hy het in die eerste plek my aandag op die problematiek gevestig en daarna ook my stuk krities gelees.

[\(4\)](#) Interessant genoeg haal Prinsen aan uit Leipoldt se "Vrede-aand" in dieselfde

bundel sonder om dit te vermeld. Inderdaad is die ironie van Multatuli se gedig daarin te herken. Die persoon wat my op Prinsen se uitsprake gewys het, is dr. Eep Francken wat ook my artikel krities gelees en 'n aantal belangrike wenke ten opsigte van Multatuli toegevoeg het waarvan ek dankbaar gebruik kon maak.

[\(5\)](#) Stuiveling voeg in sy "Aantekeningen" by sy uitgawe van die "nulde druk" - waarna hier verwys word - toe: "dit "behoef" niet speciaal te worden opgevat als "ik heb veel geleden," maar veeleer als "ik heb veel ondervonden.""

[\(6\)](#) Na dié gedig word gewoonlik deur kritici (vergelyk ook Prinsen hierbo) verwys as "Kruissprook". Onder die titel word dit opgeneem in Sander Blom se versameling Multatuli Gedichten (die eerste versameling van die skrywer se gedigte), 1985.

[\(7\)](#) Francken (1990: 177-178; 184-185, ensovoorts) bespreek die opbou van die roman uit verskillende newetekste waaronder die briewereeks wat op sy beurt weer in fases onder te verdeel is. Die "skrywer" van "Golgotha" is binne die betrokke neweteks uiteraard Max. Wanneer vervolgens na Multatuli as skrywer verwys word, word hierdie vertelsituasie daarby inbegrepe.

[\(8\)](#) Die verwantskap met die reël "Hoerê! hoerê! Skreeu saam met my: / Dis vrede nou; die oorlog is verby" in "Vrede-aand" val hier op.

[\(9\)](#) Net soos die Max Havelaar is die Minnebrievien in sy geheel uiteraard 'n oproep van Multatuli aan sy tydgenote. 'n Mens sou trouens ook eerder al toespelings op Nederlands-Indië in die gedig self kon vermoed. Natham Ben Daoud meld byvoorbeeld vroeg al dat hy indertyd nie die kruisiging van die "dief" kon bywoon nie weens "een splinter in mijn voet". Die goewerneur-generaal in die Max Havelaar was nie in staat om Havelaar te ontvang nie omdat hy "eene fijtweer [...] aan den voet" (233) sou hê.

[\(10\)](#) Hierby kan ook nog in berekening gebring word dat die "skrywer" van "Golgotha", Max, self in uiterse emosionele spanning die pen opneem.

[\(11\)](#) Dit is een van verskeie gevalle waar Leipoldt kwasi-aansluit by die didaktiese literatuur soos in "Kriekie, jy wat op die solder sanik" ("Wat het jy tog vir ons te vertel?") in dieselfde bundel of in "Boggom en Voertsek het saam gelewe" ("Daar's [...] niks om daaruit te trek") in Uit drie wêrelddele.

[\(12\)](#) Francken (1990: 189) wys daarop dat die Christus-figuur een van verskeie parallele is wat Max vir homself in die Minnebrievien oproep, maar dan wel ook "Havelaars meest pathetische vergelijking". Die parallel Max Havelaar-Multatuli is voorheen uitvoerig ten opsigte van die Max Havelaar beskryf deur Sötemann (1973) en geld uiteindelik ook hier. Oor die parallel Multatuli/Jezus stip Van Straten (1995: 54) aan ten opsigte van die skrywer se werk in die algemeen: "Zijn identificatie met de Gekruisigde ging zover dat we rustig kunnen spreken van een kruisigingscomplex" ...

[\(13\)](#) Francken (1990: 189) noem hierby dat die mense - volgens die gedig - veral verwagtinge koester ten opsigte van die kruiswoorde: "Havelaar gedwongen tot schrijven omdat de Nederlanders hem rechtvaardigheid weigeren en hem alleen lezen voor hun plezier."

[Elektroniese weergawes van T.N&A](#) [Kontaknommers](#) [Algemeen](#) [Riglyne vir outeurs](#) [Bo](#)

Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans 6de Jaargang, Nommer 1. Junie 1999

[Etienne van Heerden](#) | [Eep Francken](#) | [Louis Venter](#) | [Frederick Hale](#) | [Wium van Zyl](#) | [Dorothea van Zyl](#) | [Pieta van Beek](#)

Estienne Barbier, renegaat en romanfiguur, in die lig van die storie, historie en historiografie

- Dorothea van Zyl -

Abstract

The extant information on Estienne Barbier (1699-1739), a well-known and notorious figure in the historical Cape, offers interesting prospects for comparison, in the light of recent inquiry in the field of historiography and rhetoric, between the reconstruction of the historical events by Pheiffer (1976) and three Afrikaans novels which use and modify this history in accordance with an own causa, namely in 'n Man om te hardloop (A man to run) (1973) by Dan Sleigh, Wydsbeen (Astride) (1992) by Zirk van den Berg en Inteendeel (On the contrary) (1993) by André P. Brink. The different selections from and reconstructions of the same documented historical material lead to different results on the level of the inventio and dispositio, inter alia because the open spaces left by history create rhetorical possibilities for alternative presentations and stories. The decision to write a historical novel implies that at least some historical landmarks will be acknowledged, but a creative writer, in contrast to the historiographer, is ethically free to transform inartificial proofs into artificial proofs, in combination with his own invented argumentatio and causa. Prompted by these texts the receiver, in his turn, makes his own selection and creates his own causal and argumentative structures. This also applies to more poststructuralist novels, characterised by a chaotic appearance and the problematisation of conventions, although the reader plays a larger role than was presupposed by more traditional texts. A rhetorical approach can consequently also be advantageous in these cases.

1. Feit en fiksie, historie en storie

"Vandat skrif in die wêreld bekend geword het, het elke generasie nog, soos ons eie en soos ongetwyfeld ook ons opvolgers sal doen, swerms onkundiges en knoeiers voortgebring om die wêreld met verminkte feite en historiese fiksie te besondig" (Brink 1993: 31).

In hierdie woorde van die romanfiguur Estienne Barbier in Inteendeel, die historiese roman uit 1993 van André P. Brink, word die twee tradisionele "opponente" in die hedendaagse, maar ook eeue-oue, debat op die terrein van die historiografie en letterkunde, naamlik feit en fiksie, met mekaar vereenselwig. Dit stem ooreen met die saamlees van geskiedenis en roman, van historie en storie, by postmodernistiese outeurs, literatuur- en geskiedfilosowe. Dieselfde teorieë word in die afgelope aantal dekades toenemend te pas gebring by beide die historiografie en die letterkunde. Binne die New Historicism, 'n term wat in 1982 deur Stephen Greenblatt gemunt is in die tydskrif Genre, word die geskiedenis nie meer beskou as agtergrond vir die literatuur en as hiërargies in die magposisie (soos by die "ou historisisme") nie, maar sowel die geskiedenis as die literatuur

word as tekstueel gesien, dit wil sê gevorm deur spesifieke tekste (Davis & Schleifer 1989: 428).

Die kombinasie van sogenaamde feite met die strategieë van fiksie het, met die hernude gewildheid van historiese en dokumentêre stof, sedert veral die sewentigerjare neerslag gevind in allerlei vorms van New Journalism (sien Oversteegen, 1982: 77-122), biografieë, outobiografieë en historiese romans. Onder die invloed van dissiplines soos die filosofie, taalteorie, die letterkunde en die literatuurwetenskap het historici daarteenoor toenemend besef dat die veronderstelde streng saaklike, objektiewe karakter wat in die verlede aan die historiese feite toegeskryf is, 'n fiksie is (sien ook Harmsen, 1968: 32).

Na die sogenaamde "linguistic turn" van veral die sewentiger- en tagtigerjare is die besef binne die humaniora en sosiale wetenskappe gevestig dat die werklikheid "buite" of "agter" die taalkonstruksies wat ons kennis konstitueer slegs deur taal bereikbaar is. Hierdie retoriese taalopvatting, in die woorde van Ankersmit (1990: 203), hou onder meer in dat geen taal, genre of dissipline as deursigtig beskou word met betrekking tot die werklikheid nie. Beide literêre en nie-literêre tekste is vervormende media wat toegang bied tot 'n historiese werklikheid wat hulle ook mede konstitueer (Pieters 1996: 277).

Vir Ankersmit (1990: 31) is die gepresenteerde beeld wat in die proses gegee word slegs 'n konstruksie van die (geskied)skrywer - daar is eweveel Franse revolusies as beskrywings daarvan. Geen twee mense vertel 'n gebeurtenis op dieselfde manier nie. Daar is telkens sprake van seleksie (vergelykbaar met wat die retorici *inventio* noem) en van kombinasie (in 'n *dispositio*, soos die onderlinge dele van 'n rede bekend staan) van gegewens na aanleiding van senders se kontekste en doelstellings. Fokalisasie, volgens Mieke Bal (1978: 118) die belangrikste, subtielste en mees indringende manipulasie-middel, speel 'n vername rol in hierdie proses.

Die vooropstelling van narratiwiteit in die representasie van egte gebeure spruit volgens Hayden White (1980: 27) uit die begeerte om aan 'n uitbeelding van die lewe 'n koherensie, integriteit, volheid en sluiting toe te ken van wat slegs versin kan wees - die werklikheid vertoon geen begin, middel en einde nie. As voorstellings is geskiedverhale vir Ankersmit (1990), wat dit hiermee eens is, vergelykbaar met kunsprodukte, vanweë die gemeenskaplike posisie wat hulle in filosofiese opsig inneem in verhouding tot die werklikheid.

Sowel die narratiewe aard van beide die geskiedbeoefening en die historiese roman, as die onsekerheid met betrekking tot die feitelike en nie-feitelike, stel retorisiteit in die twee genres voorop. Die diskutabele is die tradisionele terrein van die retorika. Die retorisiteit van historiese romans is vir my in die breë daarin geleë dat die sender in sy *inventio* uit 'n in prinsipe oneindige aantal moontlikhede 'n seleksie gemaak het waarby die voorkeur meestal uitgaan na wat in historiese tekste gegee of vasgelê is. Dit hou verband met die nie-tegniese oordredingsmiddele, waar die spreker sy informasie van buite kry. Binne 'n persoonlike raamwerk word egter dit geselekteer wat vir die (reële) sender binne sy eie historiese konteks as versterking (*amplificatio*) dien van sy retoriese program, van sy *causa* of dit waarvan hy die ontvanger wil oorreed (Van Zyl 1997: 40-41).

In hierdie artikel sal vier rekonstruksies van die Estienne Barbier-gegewe ('n

"ware" geskiedenis uit die agtiende eeu) vervolgens met mekaar vergelyk word. Die eerste rekonstruksie, in die proefskrif van Roy Pheiffer (1976), is 'n voorbeeld van geskiedskrywing waarin die historiese gegewens so akkuraat moontlik agterhaal word. Sy studie word deur Brink (1993: 303) beskryf as die "volledigste verslag tot op datum van Barbier se lewe". Dit word vergelyk met drie Afrikaanse romans wat hierdie geskiedenis benut en wysig in aanpassing by 'n eie causa, naamlik 'n Man om te hardloop (1973) deur Dan Sleigh, Wydsbeen (1992) deur Zirk van den Berg en Inteendeel (1993) deur André P. Brink. (1) Eerstens word 'n kort samevatting van die relevante historiese bakens in Barbier se lewe gegee aan die hand van Pheiffer se studie. Vervolgens word die drie romans se hantering van die Barbiergeskiedenis individueel bespreek, voordat ten slotte tot 'n gevolgtrekking gekom word. By Inteendeel word ook ter vergelyking en kontras na Brink se roman Houd-den-bek (1982) verwys.

2. Bakens uit die geskiedenis van Estienne Barbier (1699-1739)

(2) Estienne Barbier, gebore in 1699, was afkomstig van die dorpie Bazoches (Van den Berg 1992: 29, Brink 1993: 29) naby Orléans (Van den Berg: 11, Brink: 20). Na 'n verblyf in Zeeland (Van den Berg: 11, 33), word hy gewerf as soldaat in diens van die VOC (Van den Berg: 1). Hy vertrek met die skip 't Huys te Rijnsburg op 8 Junie 1734 (Van den Berg: 1, Brink: 49) en arriveer in Kaapstad op 31 Oktober 1734. Hy is siek by sy aankoms en bring 'n paar weke in die hospitaal deur (Van den Berg: 4-6, Brink: 55). Hy is waarskynlik opdrag gegee om 'n vierhoekige redoute te bou na sy aankoms (Sleigh 1973: 15-19, Van den Berg: 7-13, Brink: 20, 74-78).

Hy was "'n onstuimige mens [...] met allerhande wilde skemas" (Pheiffer I, 1976: 15) - hy het byvoorbeeld voorgegee dat hy 'n geheime agent was vir die direkteure van die Kompanjie (Van den Berg: 17, Brink: 77). In 1735 het hy, tydens 'n militêre parade van die Kaapse Burgery, die konvensionele perke oorskry op 'n wyse wat Pheiffer I (1976: 16) beskryf as "te buite gegaan" en "wangedrag". Hy het onder andere 'n nag deurgebring met 'n gedroste slavin, Rosette. Die volgende dag het hy haar 24 uur lank by die manlike gevangenes opgesluit en daarna weer laat gaan (Van den Berg: 24-27, Brink: 57-58).

Op Sondag 5 Mei 1737 het Barbier in 'n besope toestand lasterlike uitlatings gemaak oor luitenant Rudolf Sigfrid Alleman (Van den Berg: 46-51, Brink: 125-128) waarvoor hy in siviele arres geplaas is. Terwyl dié saak aan die gang was, is 'n tweede siviele geding aanhangig gemaak teen Barbier vir beweerde laster teen "sergeant" Godfried Lodewijk Kok (Van den Berg: 59, Brink: 146). Christian Petzoldt, 'n oud-Kompanjiesoldaat wat na sy ontslag as notaris gewerk het, het Barbier verteenwoordig. Toe teen Barbier uitspraak gelewer is, het hy hom (volgens die notule) op so "een seer beledigende en brusque wijze" teen die Raad verset dat hy vir een-en-twintig dae (3) in die Donker Gat opgesluit is (Brink: 160-162) vir sy "quaadaardige en insolente manieren van doen" (Pheiffer I, 1976: 24). Op 19 Desember 1737 is besluit om hom nog veertien dae op brood en water aan te hou in die gevangenis. Hy is ook dieselfde dag met koste gevonniss (Pheiffer I, 1976: 24) om Allemann te erken as eerlike man en "met opene deuren en onder 't luiden der clocke, God, de Justitie en voorz. Lt. Allemann om vergiffenis te

bidden ... "!" (Nadat Van den Berg: 53 Allemann dié vonnis laat eis, word Barbier op p. 62 die vonnis opgelê met betrekking tot Kok. Brink: 165 som dié gebeure slegs kortliks op in die woorde "'n openbare apologie".)

Op 24 of 25 Maart 1738 het Barbier ontsnap. Hy was eers van plan om met een van die skepe terug te keer na Nederland, maar gaan dan weer aan land (Sleigh: 95-96, Van den Berg: 70, Brink: 175). By Brink keer hy eers weer terug om sy Don Quixote te gaan haal! Na 'n paar dae duik hy op by die weduwee "Silje" in Drakenstein, waar hy elf maande gebly het, tot die einde van Februarie 1739 (Pheiffer II, 1976: 14, Sleigh: 99-102, Van den Berg: 73-83. By Brink, 89-92, gaan hy reeds 'n jaar tevore tuis by die weduwee en ander boere. Hy reis teen die end van Augustus 1738 saam met Hendrik Ras en ander boere na die binneland.)

Barbier raak betrokke by 'n aantal koloniste wie se vee na 'n veeruil-ekspedisie met die Khoi in die binneland gekonfiskeer is. Barbier help hulle 'n "rekwes" (deels weergegee in Van den Berg: 90-91, bykans verbatim in Brink: 232) aan die Raad van Justisie opstel oor hul griewe, waarin landdros Lourens skerp aangeval word. Johannes Ras neem dit namens die boere kasteel toe. Ontevrede oor Swellengrebel se advies dat hulle hul klagtes opneem met die betrokke landdros, plak Barbier en 'n aantal gewapende burgers op 1 Maart 1739 'n "Avis van groot importentie" op teen die kerkdeur in Drakenstein, 'n onwettige optrede (Sleigh: 106-108, Van den Berg: 105-109, Brink: 239-241. Van den Berg gee klein gedeeltes van dié stuk weer, Brink slegs 'n samevatting.)

Na aanleiding van dié "oproerig en muysugtig geschrift" (Pheiffer I, 1976: 30) het die Politieke Raad Barbier op 'n ander plakkaat voëlvry verklaar (Sleigh: 110, Van den Berg: 111, Brink: 242). Sy medepligtiges kon hul binne 'n maand kom aanmeld. Dié plakkaat in die Paarl het Barbier afgeskeur, omdat hy dit glo tuis (by Johannes Ras) beter wou lees (Brink: 243). Op 17 Maart is Barbier en 'n groep gewapende boere na die plaas van heemraad Schalk van der Merwe (Brink: 248-251), waar hy gedreig het om die heemrade en hul huise te verbrand tensy die gekonfiskeerde vee terugbesorg en die twee boere in die kasteel vrygelaat word. (In Brink: 250 staan slegs: "Tensy hulle landdros Lourens en die spul skelms in die Kaap kan oorreed om te vergoed vir al die ellende wat hulle veroorsaak het, sal ons die vuur deur hierdie land dra.")

Die Politieke Raad neem vervolgens op 21 Maart, uit vrees oor sy moontlike wye aanhang onder die boere, die resoluësie aan dat Barbier nie gewelddadig vervolgd sal word nie, dat diegene wat hom help vang, vrygespreek sal word en dat die twee boere in die kasteel vrygelaat sal word indien hulle beloof om hom te help vang. Barbier stuur op 22 Maart 'n vlugskrif uit waarin onder andere staan dat hy as bemiddelaar optree en dat die boere nie trou aan waarnemende goewerneur Van den Henghel en landdros Lourens moet sweer nie.

Op 4 April 1739 is Swellengrebel deur die Here XVII aangestel as goewerneur (Sleigh: 112, Brink: 252). Barbier was steeds op vrye voet. Intussen het 15 van sy ondersteuners op 'n strafekspedisie teen die Boesmans vertrek, waardeur hulle kwytsgekeld is van hul skuld teenoor die Politieke Raad. Op 31 Julie verskyn 'n tweede "rondgaande brief" van Barbier, "Aan alles de Afrikanders gebroedsels". (Sleigh: 129 is die enigste wat na die "gebroedsels" verwys en noem dat Barbier hier eintlik "gebroeders" bedoel, soos elders in die stukke. Dié verskrywing is egter ook baie ironies, in die lig van die feit dat die koloniste Barbier later in die steek gelaat het - sien Van den Berg: 119, 125-127, Brink: 274, 298).

Barbier gee in die historiese brief "uiters aanmatigend voor [...] om namens die bewindhebbers van die Kompanjie en selfs namens die Nederlandse owerheid, die Staten-Generaal, te skryf" (Pheiffer I, 1976: 34) en roep die boere op tot militêre optrede. (Sleigh: 129, Van den Berg: 130. Brink: 267 onderspeel dié gegewe soos volg, deur dit as een van 'n "stortvloed briewe" aan te haal: "O my Afrikanergebroeders, in die naam van God en die Here Sewentien en die Stategeneraal van die Nederlande!" - sy kursivering).

Barbier kon die heersers aan die Kaap maande lank ontglip. Uiteindelik is hy op 9 September 1739 op Roode Zand in hegtenis geneem en na die Kaap geneem (Sleigh: 126. Volgens Van den Berg word hy in hegtenis geneem by Helene, die gekleurde weduwee (Silje?) van 'n blanke kolonis in die Franschoekvallei; by Brink: 296 gee hy homself vrywillig oor op Stellenbosch.) Hy het blykbaar tot teen die einde geglo hy sou vrygelaat word, maar is dadelik in die Donker Gat opgesluit. Op 12 November word hy veroordeel om aan 'n kruis gebind te word, waarna sy regterhand en hoof afgekap en hy gevierendeel sou word. Die vonnis is op 14 November 1739 voltrek. Sy hoof en hand is in "de roodesands Cloof" (Pheiffer I, 1976: 36) geplaas en sy ander vier dele langs ander hoofweë (Sleigh: 130, Van den Berg: 137, Brink: 13, 298). Op 3 Desember het die ponthouer van die Bergrivier laat weet dat 'n onbekende die paal daar aan die brand gestee het (slegs by Sleigh: 136).

Van den Berg en Brink gee meermale aandag aan die historiese dokumente, soos geïllustreer met betrekking tot die saak van Allemann versus Barbier. Laasgenoemde sê byvoorbeeld: "Den Eysscher, segt, by Eysch, dat een dronken mond, spreekt uyt s herten grond" (Pheiffer II, 1976: 6). Dit kom in beide Van den Berg (53) en Brink (62, 129) voor. Veral Brink haal meermale ter outentifikasie regstreeks aan uit die bewaarde stukke. So kom die gedeelte op p. 14 byvoorbeeld voor in die stuk CJ 3637, p. 170 - in Pheiffer II (1976: 9).

Naas redelik vasstaande gegewens soos plekke, name van persone en datums, val dit op hoe subjektief die beskrywing van Barbier se optredes reeds in die oorspronklike notules en verslae is. Sommige van hierdie beskrywings neem Pheiffer regstreeks oor, ander formuleer hy in sy eie woorde en perpetueer daarmee op sy beurt 'n bepaalde fokus op die geskiedenis. Dit illustreer op sigself die ooreenkoms tussen geskiedskrywing en literatuur.

3. 'n Man om te hardloop - Dan Sleigh

'n Man om te hardloop wyk die verste af van die historiese "feite". Ook Pheiffer (I, 1976: 13) merk op dat dit " totaal met fantasie deurspek is". Die naam Rosette kom byvoorbeeld nie voor nie en Sleigh versin in dié populêre roman 'n volkome fiktiewe verhaal van Jan Ras, oftewel die Duinemol wat so goed kan hardloop, rondom die Barbier-gegewe. Met betrekking tot die Kaapse geskiedenis, bygelowe en gewoontes, onder meer die opeenvolging aan die Kaap van die vier goewerneurs binne twee jaar (Van den Berg vermeld slegs Swellengrebel) hou Sleigh egter getrouer aan die opgetekende "feite" of indrukke as byvoorbeeld Van den Berg. Sleigh karakteriseer Barbier as buierig, vergelyk woorde soos "nors en skoorsoekerig", "nukkerig" of "bitter en stuurs" (1973: 6, 68, 122). Andersins word hy egter geteken as 'n redelik dinamiese, konvensioneel heldhaftige man wat "hartgrondiglik verveeld is deur die ewigdurende vrede in die land en die

onsimpatieke botheid van die Hollanders tussen wie hy werk en woon; hy voel eensaam, en verbitter teenoor al die Kompanjie se amptenare daar in die Kasteel, met hulle honderde regulasietjies, hulle hoogdrawende titeltjies en hulle aanmatigende eiegeregtigheid" (1973: 20). 'n Hele aantal pertinent vernederende en verontregtende optredes deur Allemann dien as motivering vir Barbier se aanvanklike beskuldigings. Hier word hy deurentyd as 'n slagoffer van korrupsie en magwellus voorgestel.

Ter motivering van sy verdere buitengewone geskiedenisverloop maak Sleigh van Barbier daarnaas 'n noodlotsfiguur, gedoem deur die waarneming van die spookskip die Vlieënde Hollander, in aansluiting by ander mites soos Van Hunk en bygelowe deur die Kaapse Maleiers. Die vernaamste motivering vir sy noodlottige neergang tot en met sy teregstelling word dus sy obsessie met die dood nadat hy die spookskip as voorbode sien (1973: 55-57), 'n "sial" of onheilsteken wat aan die Kaap as 'n seker teken beskou is van 'n spoedige dood.

4. Wydsbeen - Zirk van den Berg

Van den Berg teken Barbier (soos Sleigh) as buierig, maar maak van hom 'n egoïstiese, a-sosiale anti-held en buitestander in aanpassing by tendense in onder meer die Afrikaanse prosa van na Sestig. Dié Barbier word gekenmerk deur onheroïese gedagtes en kleingeestige optredes, in kombinasie met infantiele fantasieë van gevegte teen seerowers of die inheemse bevolking wat homself in die kalklig plaas. Hy is jaloers op luitenant Allemann se skynbare sukses op alle gebiede en het net een vriend, die "dik Duitser" Christian Petzoldt.

In Wydsbeen hang die hoofvraag myns insiens onder andere saam met die heldedheid: Die algemene vraagstelling sou kon wees: Wat is die heldedheid? En die spesifieke vraagstelling: Was Barbier 'n held? Die naaste wat die Estienne Barbier van dié roman egter aan heldedheid kom, is in sy dagdrome en in sy geskrifte, later vlugskrifte. Anders as die behendige perderuiter en vegter van Sleigh, is hy 'n gewese bouer wat onhandig is met aktiwiteite soos ruiterskap, dril, kleiduifskiet én leierskap. Vanweë sy naïewe idealisme stry hy egter teen korrupsie, vandaar sy straf ('n daad wat hom daarná permanent teister) vir die slavin Rosette ná hy homself deur omgang met haar "besoedel".

Van den Berg beeld die figuur vol diskrepancies uit. Die titel Wydsbeen spreek nie alleen van 'n liggaamshouding (eers op die kerk se nok, later op die boot waarmee hy ontsnap, daarna op sy perd en uiteindelik tereggestel op 'n houtkruis) nie, maar veral van 'n ietwat halfhartige macho-houding van heldhaftigheid wat telkens ontspoor en oorgaan tot die onheroïese en potsierlike. Enersyds voel dié Barbier afgeslote van en gekant teen sy medemense; andersyds wil hy juis vir hulle stry, maar met homself as leier. Barbier raak toenemend verstrik in die web wat sy eie menslike beperkthede saam met die noodlot span. Sy aggressie bring hom in botsing met sy makkers en meerderes en lei tot sy eerste arres. Die vier maande in die gevangenis laat hom totaal afgeskei, fisiek smerig en laer as enigeen in die gemeenskap voel, maar nogtans moreel minder besoedel. Later verlaat sy boerevolgeling hom as hulle van vervolging kwytgeskeld raak om teen die Boesmans te gaan veg.

Alleen met sy perd op 'n eensame swerftog waartydens hy steeds meer vlugskrifte

skryf (later net vir homself), raak Van den Berg se Barbier volgens konvensionele begrippe steeds gekker, maar in terme van menslikheid en insig in die groot synswaarhede vertoon hy 'n groei wat hom kortstondig uitlig bo vroeëre kleinlikhede. Op sy laaste nag van vryheid besef Barbier "hoe dankbaar hy is vir elke blyk van vertrouwe, elke vriendelike gebaar". Hy verwag niks meer nie. Hierna is hy in staat om waarlik onselfsugtig op te tree wanneer hy homself aan die soldate oorgee om die vrou wat hom herberg gee nie in gevaar te stel nie. Die afloop daarna tot sy teregstelling is hoofsaaklik 'n doelbewuste ontvlugting in sy fantasiewêreld uit vrees vir wat voorlê.

Van den Berg se roman speel doelbewus in op die historiografiese debat. Voorin Wydsbeen word byvoorbeeld onderskei tussen feite en fiksie: "Dis 'n ware verhaal dié. Uiterlike gegewens en karakters is histories [...] Innerlike gedoentes is stories". Reeds die seleksie van historiese feite, die fokalisasie, ensovoorts, stuur elke verslag of verhaal egter retories weg van die storie as 'n absolute "waarheid". Sy onafwendbare noodlot verwoord die karakter Barbier in metafiksionele terme: "Dit voel of hy bloot 'n akteur is in 'n rol wat vooruit vir hom geskryf is. Hy moet die rol speel en word wat hy bestem is om te word, ongeag die gevolge" (1992: 82).

Ten spyte van goeie momente is die argumentasie ten grondslag aan Van den Berg se hooffiguur vir my psigologies minder oortuigend, onder andere omdat die Barbierkarakter so sterk twintigste-eeus aandoen binne die vroeg 18de-eeuse konteks, maar sonder dat dié verskille doelbewus uitgebuit word, byvoorbeeld op postmodernistiese wyse. Die ?apteks se aanspraak op die "universele menslikheid" word nie waar gemaak met betrekking tot dié uitsonderingskarakter nie. Die roman oortuig ook nie op die vlak van oorsaak en gevolg nie. Ten einde dié hoogs uitsonderlike gedokumenteerde gebeureverloop oortuigend te motiveer, is myns insiens sterker aanleidings nodig as 'n gespletenheid tussen eiebelang en kampvegterskap. Dit is veral jammer dat Barbier se verlede in Zeeland totaal onderbenut word met betrekking tot die psigologiese motivering. Omdat die noodlotslyn nie konsekwent genoeg deurgetrek word nie kom sommige gedagtes en handeling eintlik minder gemotiveerd voor as Dan Sleight se noodlotsbepaalde Barbierfiguur. Eweneens minder oortuigend is die rol van vroue in Wydsbeen. Beide Rosette en Helene Cellier bly skadufigure, soos waargeneem deur Barbier se nogal abnormale oë. Dit illustreer wel goed hoe hy nooit werklik kontak maak met sy medemens nie.

5. Inteendeel - André P. Brink

Waar Wydsbeen literêre konvensies van 'n aantal jare gelede reflekteer, is Inteendeel grootser in konsepsie en speel dit in op talle heersende poststrukuralistiese konvensies en opvattinge, onder meer op historiografiese gebied. Inteendeel is in etlike opsigte vergelykbaar met Brink se historiese roman Houd-den-bek: Brink verbind hom enersyds, soos in Houd-den-bek, deur die keuse vir argiefstof in mindere of meerdere mate tot geskiedkundige bakens, maar wil andersins juis hierteen ingaan. Dit gaan weer om 'n geregsaak uit die verlede, ongeveer 90 jaar vroeër as in Houd-den-bek. Die roman kies ook weer kant teen die establishment, ofskoon dit nou nie om 'n tradisioneel gemarginaliseerde hooffiguur gaan nie.

'n Ooreenkoms, maar terselfdertyd 'n verskil, tussen Inteendeel en Houd-den-bek is die afdruk uit die oorspronklike dokumente in 'n spel met outentifisering op die skutblad. In Inteendeel gaan dit egter hierby nie om 'n enkele sin wat met die causa saamhang nie, maar om 'n (doelbewus) warrige konglomerasie van inligting in Barbier se handskrif, waarby veral die twee voorkomste van die getekende naam Estienne Barbier opval. Dié handtekening kom ook voor op die laaste bladsy (1993: 301). Dit het 'n amplificatio of uitlig van Barbier as sentrale figuur tot gevolg. (4) Die argumentatio word ook om dié figuur uitgebou. Teenoor Houd-den-bek, waar die gebeure ('n slawe-opstand) sentraal staan, gaan dit hier veral om 'n hoogs uitsonderlike figuur, sy dae en die ekstreme gevolge daarvan. Teenoor die topiese vrae wat in Houd-den-bek telkens met die gebeure saamhang, gaan dit hier telkens om 'n beantwoording van vrae rondom die figuur, soos: Wie was Barbier? Waarvandaan het hy gekom? Wat het hy (verkeerd) gedoen? Hoe het hy opgetree? Met behulp van wie het hy dit uitgevoer? Van die historiese gegewens maak Brink 'n metaroman in 300 korter en langer paragrawe (van een reël tot etlike bladsye), in drie dele.

Louise Viljoen (1995: 5) verklaar dat die roman "does not contradict any of the known historical facts about Barbier". Hoewel Brink die naaste van die drie outeurs aan die gedokumenteerde feite hou, bring hy wel aansienlike wysiginge aan, soos in die geval van Houd-den-bek. Groot veranderinge is veral die uitvoerige reise (onder meer van Barbier met Allemann en Mentzel); Barbier se periode as pasganger (1993: 79-108); die hele Rosette-gegewe ná die gewraakte nag, byvoorbeeld die "feit" dat hy Rosette help ontsnap het (1993: 143); uiteraard die Jeanne d'Arc-verwysings (Brink voer dié verbeeldingskarakter - maar geld dié term nie maar vir al die ander karakters ook nie? - vernuftig in op grond daarvan dat Bazoches digby Orléans geleë is!) en talle kleiner besonderhede. Deur laasgenoemde wysiginge word die aandag aan die gemarginaliseerde vroulike onderdrukte binne die manlik-georiënteerde geskiedskrywing op doelbewus kunsmatige wyse uitgebrei om so die aandag daarop te vestig. Dit is opvallend dat Brink van Rosette aanvanklik 'n slavin uit Bengale maak (met 'n "ligte koperkleur" en "golwende growwe hare" - 1993: 35), maar later haar verbintenis met Afrika (Goree) voorop stel: "Ek kom uit Afrika" (1993: 65). Dit sluit aan by die feit dat Barbier haar in toenemende mate met Afrika vereenselwig. By Van den Berg (1992: 14) behoort Rosette tot die Khoi. Brink wil waarskynlik met sy Rosette die groter Afrika betrek, asook die verskillende gedaantes van die Ander.

Ten spyte van al die doelbewuste veranderinge kom Brink se karakteruitbeelding myns insiens nader as Sleigh of Van den Berg aan die impulsiewe, heethoofdige aard van Barbier wat na vore kom uit sy veelwoordige oorgeblewe skryfsels (in Pheiffer II, 1976 afgedruk), maar hy buit die verdere ryke moontlikhede wat dié figuur bied op talle maniere uit: Brink kies in Inteendeel vir 'n onberekenbare verteller (vergelyk Booth, 1961, se aandag aan die "unreliable narrator") as hooffiguur, 'n leuenaar en onbeskaamde retorikus wat daarop uit is om sake te plooi soos dit hom pas. Dit open baie spelmoontlikhede, soos soms baie vermaaklike weersprekinge, verskillende konflikterende weergawes van dieselfde basiese gegewens, ekstreme voorstellings, (5) leuens en fantasieë. Barbier word in die proses beslis by Brink aangebied as veel onskadeliker as die korrupte heersers met wie hy bots, onder meer deur die Don Quichote-gegewens wat as interteks gebruik word. Sy grootheidswaan en ongelooflike vertellinge herinner ook aan 'n Baron von Münchhausen.

Die leuen en waarheid isotopieë, gekoppel met die metafiksionele en eietydse

historiografiese opvattinge, staan sentraal. Soos in Houd-den-bek is daar 'n neiging tot klinkende sententiae: Reeds die subtitel sluit af met die woorde "EN LEUENAAR" strategies in die belangrike slotposisie geplaas. Ook die motto, 'n aanhaling van Barbier, pas hierby aan: "Maar degeenen die de waerheijt seggen, hebben geen herberg ... in deese lant". Die roman open met die woorde: "Ek is dood: jy kan nie lees nie: dié sal [daarom] nie 'n brief gewees het nie", 'n direkte verwysing na "Outwork" van Derrida in Dissemination (1980: 3). (6) Barbier "skryf" sy geskiedenis terugskouend aan Rosette vanuit die Donker Gat, waar "verbeelding werkliker [is] as herinnering" (1993: 69). Op die eerste bladsy (1995: 13) praat hy ook van 'n "uiterste en onmoontlike brief" sonder pen of papier en kontrasteer sy "blote storie" (Aucamp as interteks!) met Rosette se "versinsels". Dié inset herinner aan Brink se Kennis van die aand (1973), waar Josef Malan sy verhaal (wat meer "lig op die saak" sal werp - 1973: 4) in die tronksel skryf (maar dan by 'n gloeilamp wat voortdurend brand) op velle papier wat hy steeds by die toilet wil afspoel, asook aan Die kremetartekspedisie (1981) deur Wilma Stockenström. Die fiksionaliteit van die gegewe word in laasgenoemde onder meer geamplifiseer as die slavinverteller en -fokalisator versug: "As ek kon skryf" (1981: 28). Intendeel word dus aangebied as 'n versonne alternatief op die geskiedskrywing, met die vooropstelling van die spel met feit en fiksie. Laasgenoemde is volgens Kannemeyer (1983: 407) 'n kardinale aspek van Brink se romans sedert Kennis van die aand.

Dié "verbeelde briewe" van Barbier word dan later in verband gebring met vryheid (hier ook 'n sleutelbegrip, soos in Houd-den-bek): "Ek skryf nie; jy kan nie lees nie; die vloei is volmaak - so vry soos die kurwes en sinne van 'n voël se vlug teen die perkament van die lug" (1993: 124-125). Daarteenoor kry die leser egter die roman op skrif aangebied deur 'n eksterne vertelinstansie, wat enige konvensionele werklikheidsillusie doelbewus teenwerk. Dit gee aanleiding tot Barbier se observasie dat hy "nie skryf nie, maar geskrywe word; nie waarneem nie, maar waargeneem word - op 'n groot afstand, 'n afstand van tyd en ruimte, uit 'n eeu wat nog nie aangebreek het nie". Dit het implikasies vir die fiksionaliteit van dié soort retoriese konstruering: "En wat sou so iemand verstaan van hierdie ek, vasgekeer in dié ruimte waar ek nie hoort nie?" (1993: 153). Barbier is enersyds die konstruksie van sy eie leuens en versinsels - "Ek het self die produk van my verbeelding geword", wat al skrywend versin: "Dis hoe dit gebeur dat ek [...] my inskryf in 'n nuwe reis op soek na jou" (1993: 282) en: "Wie pen op papier sit, lyk dit my, lieg" (1993: 170). Hierby betrek hy ook Rosette: "Jy sal wel weet, Rosette, jy wat storieverteller is, dat die waarheid omring lê deur die leuen, en net bereik kan word deur die avontuur van jou pogings om dit te vertel" (1993: 166).

Die roman getuig in 'n veel groter mate as Houd-den-bek van die relatiwiteit van geskiedskrywing, met "dié ander loop van die bewussyn" wat hom steeds "agter die stroewe grammatika van die daaglikse relaas" (1993: 38) bevind. Konvensionele grense word oorskry, soos by Van den Berg se Barbier, maar nog meer: "Dit is die geheim [...]: om te weet wanneer om jou rug op die alledaagse te draai en uit te gaan in daardie ruimte wat ander as waansin bestempel". Die leuen is volgens hom nodig "om jou hoegenaamd die waarheid te verbeel. Slegs deur die moontlikheid van die leuen toe te laat, kan ons uitgryp [...] na wat werklik gebeur het, en gebeur, en nog mag gebeur" (1993: 31).

Die konglomerasie van betekenis wat rondom die begrip Afrika uitgebou word, laat onder meer sien hoe 'n ver pad in die besinning oor hierdie vasteland geloop is sedert die dae van S.J. du Toit met sy reisjoernaal Sambesia van 'n eeu tevore

(1894). Aan die een kant word Afrika self nie alleen 'n land van Rosette en ander storievertellers nie, maar ook 'n vorm van geskiedskrywing: " Ek volg die storielyn, jou storielyn, soos dit deur die skitterende land loop" (1993: 288) en veral 'n grootse(r) verhaal: "Ek kyk na die kontoere van die landskap wat rondom my vloei soos 'n storie sonder einde" (287). Afrika is egter ook Barbier se eie versinsel (soos in die geval van beide vroeëre en huidige ontdekkingsreisigers, joernaliste en geskiedskrywers): "Maar dié keer was ek vry [...] om die name en lengte- en breedtegrade van ervaring te prakseer sonder die voorskrifte van ander" (1993: 193). Hierby sluit die reeks verwysings aan na diere "uit die wêreld van fabels" (1993: 32) en mites - soos die Eenhorning en die Hippogrief, (7) die groot eier, (8) asook die ontginning van die Monomotapagegewe - en reisbeskrywings soos dié van Olfert Dapper (1686) en 18de-eeuse ontdekkers van die Kaap en die binneland. Dit verbind hy met kolonialistiese vernielsug en uitroeiing: "Die leegte. Binne vier jaar het ek hierdie vlaktes sien verander. Die eerste keer was daar troppe wild in oorvloed. Nou gaan dit swaar om enigiets op te spoor. Daar is nie meer eenhorings oor nie. Miskien het selfs die hippogriewe verdwyn. Dis 'n hartseer, hartseer land" (1993: 285) - 'n variasie op en herskrywing van N.P. van Wyk Louw se "O wye en droewe land". Die fantasering word deel gemaak van die argumentatio rondom die figuur van Barbier en dra by om sy vrywillige oorgawe ten slotte te help motiveer.

Ook die karakterontwikkeling wat Brink se Barbier ondergaan, dien as motivering vir die slot. Die historiese Barbier se geskifte getuig van 'n instelling wat uit 'n hedendaagse perspektief rassisties genoem sou kon word. In Inteendeel ontwikkel dié karakter van aanvanklike onbegrip en neerbuigendheid (1993: 26- 28) (9) tot 'n tussenstadium van groter begrip as dié mense hulle oor hom ontferm (1993: 283). Hy noem hulle hier egter nog "Hottentotte", maar vra later om verskoning vra vir dié benaming (1993: 289). Brink buit hier selfs 'n fragment uit 'n voorlegging van die Palestynse Bevrydingsorganisasie (1993: 304) uit om kommentaar te lewer op leë versoenende woorde sonder meegaande dade. In die roman neem die aardse Khoikhoen dit egter letterlik op en Brink se Barbier word ter boetedoening inderdaad fisies verneder.

Ingrypend is dus ten slotte Barbier se veranderde houding teenoor die Khoikhoen. Waar Van den Berg sy Barbier ten slotte in homself laat keer, reik Brink se Barbier juis uit tot die Ander. Daardeur kom hy egter ook na aan die aarde en word van alle onnodighede gestroop - soos Van den Berg se hoofkarakter. Ander ooreenkomste is Barbier se waansin, asook sy fisiese bewustheid van en opgaan in sy basiese behoeftes (Van den Berg 132-133, Brink 282-291).

By die geregtelike saak in Inteendeel kan die spesifieke (etiese) vraagstelling eerstens in verband met skuld gebring word, maar dit loop (soos in Houd-den-bek) op innerlike vryheid uit. Aanvanklik kan gevra word: Wie is skuldiger: die heersers of Barbier? Waar die gegewe in Houd-den-bek in die proses op 'n hoër plan geplaas en uitgebou word tot eksistensiële vroeë rondom vryheid en onvryheid, gaan dit uiteindelik in Inteendeel om 'n vraagstelling wat teruggaan op die kolonialistiese skuldgevoelens oor wat die wit oorheersers Afrika en sy mense aandoen, maar ook om dit wat mans vroue aandoen: "dit was reg dat ek die misdadigers aan bewind aangekla het. Dit was reg dat ek die uitgebuite koloniste opgeroep het. Maar dit was onvergee?ik dat ek nooit ons eintlike bondgenote erken het nie: die mense van hierdie land, wat nog altyd aan die kortste ent getrek het. Deur dié blindheid het ek jou verneder: selfs toe ek jou die nag vrygestel het, was dit maar net uit selfsug; ek het nie regtig aan jou gedink nie: jy, vrou,

slaaf" (1993: 299). Daarom gaan gee die Barbier van dié roman hom tweedens vrywillig oor op grond van sy ras se skuld teenoor hulle - 'n doelbewuste wysiging van die geskiedenis (sien ook Sleigh 1973: 120-121 en Van den Berg 1992: 135).

Daarmee antwoord Inteendeel (soos die titel aandui) in 'n sekere sin op romans soos *Di koningin fan Skeba* (1896) se kolonialistiese en egosentriese blank-westers-georiënteerde soektogte na wat die wittes pas in Afrika en gee 'n tree verder as in *Houd-den-bek* met betrekking tot die gemariginaliseerdes. Inteendeel se sterk politiese betrokkenheid blyk uit Brink se wysiging van die geskiedenis deur Barbier as sondebok boete te laat doen vir die vernietigingsdrang van die wit koloniste in Afrika. Dié soort postmodernistiese historiese fiksie waar die geskiedenisverloop aangepas word om die eie tyd te dien, word "uchronian fiction" genoem. Wesseling (1991: 101) definieer dit soos volg: "the type of counterfactual fantasy which devises alternatives within the confines of documented history" (sien ook Viljoen 1995).

6. Ten slotte

Die verskillende seleksies uit en rekonstruksies van dieselfde gedokumenteerde historiese materiaal in die bespreekte romans lei duidelik tot uiteenlopende resultate op die vlak van die inventio (seleksie van stof) en dispositio (kombinasie). Aangesien die geskiedenis heelwat oop plekke laat tussen vaster bakens soos datums, plekke en name, het dit die ideale omstandighede geskep vir verskillende retoriese bewerkings, vir telkens 'n andersoortige argumentatio of lyn van oorsaak en gevolg in aanpassing by die senders se kontekste, om dié gerapporteerde gebeure te verklaar. Die oorredingskrag hierby hang myns insiens in die algemeen veral saam met die psigologiese motivering wat met betrekking tot Barbier se aard en optredes gegee word binne die konteks van die 18de-eeuse Kaapse samelewing. Hierby word sommige van die opgetekende geskiedkundige "feite" in die romans as nie-tegniese bewysmiddele gebruik en deur amplificatio en minutio geplooi en gewysig om in die eie argumentasie te pas.

Die oop plekke wat die geskiedenis skep en die alternatiewe geskiedskrywings wat dit oplewer, word meermale met poststrukuralistiese tendense gekoppel, vergelyk Wesseling (1991: 169, 13-14) oor die "future-oriented interest in the past" in dié tekste, en die feit dat afwykings moontlikhede voorsien vir 'n toekomstige transformasie van die samelewing op grond van die verlede. So 'n verandering word reeds voorsien in Jeanne se opmerking in Inteendeel dat Barbier die binneland wil in: "Om Rosette te soek. Om Monomotapa te kry. Om in te meng met die geskiedenis" (1993: 189). Die ketting van oorsaak en gevolg (teenoor *Houd-den-bek*) moet hier juis gebreek word: "Chronologie is ons grootste uitdaging [...] Breek die ketting ..." (1993: 188).

Romans met eietydse postmodernistiese trekke neig dikwels tot 'n versplinterde aanbod, soms met die invoeging van ander tipe tekste (soos in die werk van Koos Prinsloo). Soos mense deur die loop van eeue steeds daartoe geneig was om strukture op 'n chaotiese werklikheid te poneer, in aanpassing by die topos van oorsaak en gevolg, het dié soort tekste meestal die effek op lesers (veral binne die logosentriese westerse maatskappy) dat hulle 'n samehangende betekenis en onderliggende struktuur daarin wil soek. Dit lei tot 'n retoriese proses van inventio en dispositio by die ontvanger, waar uit die moontlikhede wat die teks bied tot 'n

eie seleksie en sinvolle kombinasie gekom word. Die storie verval dus nie werklik nie - die leser maak sy eie, in aanpassing by sy individuele konteks. Aspekte soos retorisie kan dus ewe goed by hierdie soort tekste ondersoek word.

By heelwat van die Afrikaanse romans van die afgelope twee dekades wat by postmodernistiese tendense aansluit, is daar 'n mate van kontras tussen 'n oppervlakkige chaotiese voorkoms en 'n logies-kousale "dieptestruktuur" wat afgelei kan word. Van Coller (1990: 120) gee in dié verband die volgende negatiewe eindkonklusie oor Houd-den-bek. (10) "Houd-den-bek [...] is 'n verkapte oukatoriële roman en selfs nie 'n grootse konsepsie kon dié werk werklik red nie". Die roman se vorm, die reeks fokalisasies, konflikteer vir hom met onder meer die "duidelike standpuntinname van die abstrakte outeur wie se werking op elke vlak voelbaar en aantoonbaar is". Ek wil verskil van sy oordeel op dié genoemde gronde: Nie die relatiewiteit van menings is in Houd-den-bek uiteindelik die uitgangspunt nie, maar juis die koherente argumentasie rondom die hoofvraag oor vryheid, waarby die roman bepaalde keuses vooropstel. Daarmee wou Brink lesers by uitstek oorreed.

In Inteendeel, waar die causa grotendeels met die grense tussen leuen / fiksie / verdigting en waarheid te make het, word die relatiewiteit van beide die eie visie én dié van die geskiedskrywer pertinent voorop geplaas. Dit lyk aanvanklik na een van die groot verskille tussen Inteendeel en Houd-den-bek. Die derde (slot)deel maak egter 'n verskil, want ook hier word 'n duidelike keuse (teen die geskiedenisverloop in) uitgeoefen. Ten slotte is Inteendeel myns insiens eweneens (indien dan op andersoortige wyse) gerig op oorreding, soos ook onder meer blyk uit die sterk patos-elemente in die derde deel. Brink maak weer 'n politieke stelling en spreek op dié wyse 'n voorkeur uit vir 'n alternatiewe (maar ook 'n doelbewus retories-gekonstrueerde) eie geskiedenisverhaal. Daardeur stuur alles in die roman dus met 'n logiese noodwendigheid af op dié einde - 'n lyn wat deur die leser gerekonstrueer kan word. Tematies verskil dit in dié opsig myns insiens van 'n roman soos Toorberg (1986), waar betekenis as sodanig geïdentifiseer word.

Die vastrappele van die geskiedenis bied 'n vastigheid en kousaliteit binne die oënskynlike chaotiese aanbieding van tekste rondom Barbier. Met betrekking tot dié figuur is 'n duidelike histories-chronologiese lyn waarneembaar. Aangesien Brink kies vir die historiese kan hy dié chronologiese ketting maar ten dele breek met sy verbeelde reise en ander motiverings vir Barbier se teregstelling. Barbier is nou eenmaal ingekader tussen die datums 8 Junie 1734, toe hy in die Kaap aangeland het en 14 November 1739 toe hy gedood is (met 'n reeks gedokumenteerde gebeure tussenin). Die geskiedenis gee dus self 'n logies-chronologiese lyn van oorsaak en gevolg. Soos die geval met "And our fathers that begat us" (1987) deur Koos Prinsloo lyk Inteendeel na 'n konglomerasie van tekste, na 'n web van betekenis, eerder as dat een sluitende betekenis geld. Dit verg as sodanig 'n groter inspanning van die leser as medeproduseerder van betekenis, maar dit waar die leser na toe werk, verskil nie wesenlik nie. Ook die sentrale hooffiguur met wie alle drade verknop is, skep op sigself reeds eenheid.

In heelwat van die tekste sedert die tagtigerjare word eietydse historiografiese en ander filosofieë, asook literêre konvensies (soos die problematisering van grense en die bevraagtekening van waarheidsveronderstellinge) getematiser. Hierdie spel met konvensies, eerder as wesenlike verskille op die vlak van inventio en dispositio ten opsigte van die voorafgaande Afrikaanse romans, is meermale verantwoordelik vir die poststrukuralistiese inslag van dié tekste. Die retorika is

du ook met betrekking tot hierdie tipe romans 'n nuttige ondersoeksinstrument.

Deur 'n keuse om 'n historiese roman te skryf, kies 'n outeur in mindere of meerdere mate daarvoor om binne die vaste bakens van die geskiedskrywing te beweeg. Dit kan enersyds dien as 'n hulpmiddel by sowel die keuse van 'n quaestio as die ordening van gegewens in 'n dispositio, maar kan andersins dalk soms 'n demper op kreatiwiteit plaas. (11) Dié keuse is egter geen verpligting om nie af te wyk van die opgetekende geskiedenis (wat ook maar gekonstrueer is) nie. Anders as die historikus is die literêre outeur hoegenaamd nie eties gebonde met betrekking tot (ten minste 'n poging tot) noukeurigheid ten opsigte van die dokumentering van feite of die hantering van reeds gedokumenteerde feite nie. As gevolg van hierdie vryheid word die keuse vir 'n historiese kader in die hedendaagse romankuns kennelik beskou as 'n belowende vertrekpunt, soos blyk uit die groot aantal historiese romans wat dié tyd oplewer. Dit kan veral toegeskryf word aan die talle retoriese spelmoontlikhede wat beide die historiese herkenningspunte én die oop plekke binne die geskiedskrywing aan senders bied om hulle ontvangers mee te verras en te boei.

Universiteit van Stellenbosch
E-pos: dpvz@akad.sun.ac.za

Bibliografie

- Ankersmit, F.R. 1990. De navel van de geschiedenis. Over interpretatie en historische realiteit. Groningen: Historische Uitgeverij.
- Brink, André P. 1982. Houd-den-bek. Emmarentia: Taurus.
- Brink, André P. 1993. Inteendeel. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Brink, André P. 1973. Kennis van die aand. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Davis, R.C. & R. Schleifer 1989. Contemporary Literary Criticism. New York: Longman.
- De Klerk, W.A. 1974. Klein reis deur Drakenstein. Kaapstad.
- Derrida, Jacques. 1980 (1972). Dissemination. Chicago: University of Chicago Press.
- Du Toit, S.J. 1895. Samesia, of Salomo's goudmijnen bezocht in 1894. Paarl: D.F. du Toit.
- Du Toit, S.J. 1898. Di koningin fan Skeba, of Salomo syn oue goudfelde in Samesia. Historise roman, met prente. Paarl: D.F. du Toit.
- Greenblatt, Stephen J. 1982. "Introduction" to "The forms of Power and the Power of Forms in the Renaissance". Genre 15 (1-2): 3-6.
- Harmsen, G. 1968. Inleiding tot de geschiedenis. Utrecht: Ambo.
- Janssens, M. 1984. Nederlandstalige romans met meervoudige ik-vertellers. In: K.

Porteman (red.). Uit goeder jonsten. Studies aangeboden aan prof. dr. Roose naar aanleiding van zijn emeritaat, 221-231. Leuven: Acco.

Kannemeyer, J.C. 1983. Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur. Vol. 2. Pretoria: Academica.

Oversteegen, J.J. 1982. Beperkingen. Methodologiese recepten en andere vooronderstelling en vooroordelen in de moderne literatuurwetenskap. Utrecht: HES.

Penn, Nigel. 1988. Estienne Barbier: An Eighteenth Century Cape Social Bandit? *Social Dynamics* 14 (1): 1-19.

Pheiffer, Roy Henry. 1976. Die gebroke Nederlands van Franssprekendes aan die Kaap in die eerste helfte van die agtiende eeu. D. Phil.-proefskrif. Johannesburg: Universiteit van die Witwatersrand. 2 Vols.

Pieters, J. 1996. Van oude dinge, de sake die voorbijgaan. Het New Historicism en de paradigmawissel in het historiese literatuuronderzoek. *Tijdschrift voor Literatuurwetenskap* 4: 276-288.

Prinsloo, K. 1987. Die hemel help ons. Emmerentia: Taurus.

Sleigh, Dan. 1973. 'n Man om te hardloop. Kaapstad: Tafelberg.

Stockenström, Wilma. 1981. Die kremetartekspedisie. Kaapstad: Human & Rousseau.

Van Coller, H. P. 1990. Tussenkoms. Pretoria: HAUM.

Van den Berg, Zirk. 1992. Wydsbeen. Kaapstad: Tafelberg.

Van Heerden, Etienne. 1986. Toorberg. Kaapstad: Tafelberg.

Van Zyl, D.P. 1995. Salomo syn oue goudfelde. Op die spoor van die retorika in die Afrikaanse romankuns. Ongepubliseerde proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika.

Van Zyl, Dorothea. 1997. Die retorika en die Afrikaanse historiese roman. *Annale* 1997/2. Universiteit van Stellenbosch.

Viljoen, Louise. 1995. Re-writing history: André Brink's *An act of terror* (1991) and *On the contrary* (1993). *Koers* 60 (4): 505-519.

Wesseling, Lies. 1988. Geskiedenis as bodemlose bron; de postmodernistiese variant op die historiese roman. In: Aad Blok, Gerard Steen & Lies Wesseling (reds.). *De historiese roman*, 140-163. Utrecht: Stichting Grafiet.

Wesseling, Elizabeth. 1991. Writing history as a prophet. Postmodernist innovations of the historical novel. Amsterdam: John Benjamins.

White, Hayden. 1982 (1978). *Tropics of Discourse. Essays in Cultural Criticism*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.

-
- (1) Op die representasies van Barbier se geskiedenis in W.A. de Klerk se Klein reis deur Drakenstein, 1974, en sy ongepubliseerde drama, asook in Nigel Penn (1988) se artikel oor Barbier as "social bandit" in Social Dynamics, gaan ek nie in nie.
- (2) Pfeiffer I (1976: 14-37) se rekonstruksie van die historiese gegewe dien hier as basis en uitgangspunt. Slegs by direkte aanhalings word bronverwysings na hierdie teks vervolgens gegee. Vermelding van dieselfde historiese gegewe by die ander drie romans word telkens in hakies uitgewys. Die boeke se publikasiedatums word slegs die eerste keer vermeld.
- (3) Volgens Brink (1993: 162) is hy 'n week in die Donker Gat opgesluit, later vir nog veertien dae met brood en water (165).
- (4) Hierdie (drieledige) bevestiging van Barbier as historiese feit word egter gedekonstrueer deur die woorde: "Ek is afwesig van my myself. Ek is self afwesigheid. Al wat ek het, is my storie" (1993: 14) - sien ook Viljoen (1995).
- (5) Vergelyk 1993: 72-73, 123-124, 157-158, 238, 272.
- (6) Volgens Viljoen (1995) dui dit aan dat die roman die aanwesigheid van sowel geskrewe fiksie as historiese dokumente sal dekonstrueer.
- (7) Sien Brink (1993: 32, 48, 90, 95, 103, 148, 185 en 290).
- (8) Vergelyk Brink (1993: 61, 95, 279, 280).
- (9) Opvallend is die afstand in die veralgemenende geskiedskrywingstoon waarvan die styl hier getuig. Op die vlak van die elocutio is groot verskille tussen sommige aanvanklike gedeeltes en die slot te konstateer.
- (10) Die feit dat Houd-den-bek, as moderne roman, tuishoort by wat Janssens (1984) onderskei as 'n "ouer" vorm van die meervoudige ek-roman, lei in 'n groot mate tot dié oordeel. Myns insiens werp die maatstaf van ouderdom by 'n waardeoordeel egter vrae op.
- (11) Laasgenoemde vind myns insiens in 'n mate plaas by Van den Berg se Wydsbeen. André P. Brink toon egter in Inteendeel voortreflik hoe ver gegaan kan word met die ontginning, maar ook die herskrywing en subvertering, van die geskiedenis.

[Elektroniese weergawes van T.N&A](#) [Kontaknummers](#) [Algemeen](#) [Riglyne vir outeurs](#) [Bo](#)

Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans 6de Jaargang, Nommer 1. Junie 1999

"Het Babel van haar tijd": Anna Maria van Schurman (1607-1678) en haar kennis van (oosterse) talen [\(1\)](#)

- Pieta van Beek -

Abstract

The polyglot pages of calligraphy by Anna Maria van Schurman (1607-1678), the first female student in the Netherlands, have been praised and collected as works of art. However, sometimes they were called a simple mechanical ostentation of her variety in knowledge of especially Eastern or Semitic languages. From the fourteen languages she knew, seven seemed to belong to the Semitic language-group. In this article I will argue that you can look at the polyglot pages in a different way, namely as show-pieces of prevalent views in the Renaissance on Semitic languages (Hebrew always on top). They can also be viewed as evidences of her outstanding reputation as being the most learned woman of Europe.

Viro Clarissimo Andreae

In het de Koninklijke Bibliotheek liggen vele schatten verborgen. Eén ervan draagt het signatuur KB 121 D 2/49. Als je het aanvraagt ligt er na een tijdje een prachtig geschreven blad voor je op tafel met wat wel abracadabra lijkt. Na een poosje begrijp je pas waarom je het niet kunt lezen. Het ligt ondersteboven. Dan ontdek je langzaam dat het een polyglotte schrijfproef is van de eerste vrouwelijke student in Nederland, Anna Maria van Schurman (1607-1678). Zij was een succesvol schrijfster in het Latijn, Grieks, Hebreeuws, Frans en Nederlands, kunstenares, polyglot, eervol lid van de Republiek der Letteren, voorzitter van een Europese Vrouwenrepubliek der Letteren, etc. [\(2\)](#) Op het blad staan (van boven naar beneden) citaten in het Hebreeuws, Aramees, Samaritaans, Syrisch, Arabisch, Ethiopisch en Grieks (zie afbeelding). Er zijn nog meer van die polyglotte kunstwerkjes overgeleverd. [\(3\)](#) Vaak werden ze geprezen, verzameld en opgeborgen in rariteitenkabinetten, maar soms ook afgedaan als gepronk met haar talenkennis en calligrafisch vermogen. Van der Stighelen noemt het "gezochtheid en intellectuele overladenheid" en denkt met Hooft in gedachten aan "schoolmeesterije". [\(4\)](#) Er is echter meer aan de hand dan bloot vertoon.

Den Haag, KB, 121 D 2/49, p. II

1. Talenkennis

Anna Maria van Schurman's talenkennis was van jongsaf aan al stof voor bewondering. Toen ze nog maar een jong meisje van dertien was, prees de dichteres Anna Roemers Visscher, behalve haar artistieke talenten, ook haar

kennis van Latijn en Grieks:

Laat uw' lieve, kleene mondt,
 Als het past, met reën en grondt,
 Mannen hoochmoedt doen verdwijnen;
 Als gij Grieken en' Latijnen
 Dat geleerd' uytheemsche volk
 Toe kent spreken, zonder tolk [\(5\)](#)

Dertig jaar is ze als de dichter en oudere vriend Jacob Cats haar kennis van veertien talen in zijn Trouwingh prijst:

Die in de Nederlandtsche, Hooghduytsche, Fransche, Latijnsche talen, soo wel ervaren is geweest, dat sy daer in loffelick spreken, brieven schrijven, en dichten konden.

Die in de Griecsche, Bibels-Hebreusche talen soo wel geoeffent was, datse daer in de Auteurs lesen, verstaen, daer van oordeelen, oock in schrijven konde.

Die in de Italiaensche ende Engelsche talen soo verre is gevordert geweest, dat sy boecken op saken van State, of diergelijcke, bij de Italianen geschreven: en daer beneffens de uyt-nemende Theologische boecken by den Engelschen uyt-gegeven, lesen ende gebruycken konde.

Die in de Rabbijnsche-Hebreusche, Chaldeusche, Syrische, Arabische talen soo veel geleert hadde, datse die konde lesen, verstaen, en met de heylige Hebreusche tale confereren, tot reynder ende geleerder openinge van de H. Schrifture. Die vorder van sin en voornemen is geweest in toe komende, met Godes hulpe, daer in voort te gaen, en daer noch bij te voegen het Samaritaens, Aethiopisch, ende Persisch, verwachtende alleen maer noodige boecken tot uyt-werckinge van haer loffelick voor-nemen. [\(6\)](#)

Ze kent dan volgens Cats, behalve Nederlands, Duits, Frans, Latijn, Grieks, ook Italiaans en Engels plus Hebreeuws (zowel Bijbels- als Rabbijns-Hebreeuws), Aramees (= Chaldeeus), Arabisch en Syrisch. Ze zou in 1637 van plan zijn geweest om Samaritaans, Ethiopisch, en Perzisch daar aan toe te voegen. Maar in het vervolg van zijn lofrede blijkt dat ze wel al het schrift van die talen machtig was:

Die in de Schrijf-konste geen meesters en hadde te wijcken; jae te boven gingh de netste ende aerdighste drucken, en dat in 't Hebreusch, Syrisch, Arabisch, Griecx, Samaritaens, Aethiopisch, Latijns en Italiaens, etc. ende de meeste Handen van dien op verscheyde manieren, als Capitale letters, Staende, Loopende, kunstelyck konde schrijven. [\(7\)](#)

Van Beverwijck, een bevriende arts met wie ze in het Latijn, Grieks en Arabisch correspondeerde, schrijft twee jaar later (1639) in zijn boek Van de Wtnementheyt des Vroulicken Geslachts over Van Schurman dat ze dertien talen en "diergelijcke" beheerst: [\(8\)](#)

[...] zijn voor eerst de Talen, alwaer ons Joffrouw niet weynigh 't huys en is. Want behalven de Nederlantsche, Hoogh-duytsche, Fransche, Italiaensche, Engelsche die nu gesproken werden, is sy wonderbaerlick ervaren in de Latijnsche, Griecxe, Bybels en Rabijns-Hebreeusche, Chaldeeusche, Syrische, Arabische, Persiansche, Ethiopische en diergelijcke. De letter-konst van alle die talen verstaet sy volkomentlick. [\(9\)](#)

In het stukje dat over haar schrijfkunst volgt, meldt hij wel het Samaritaans dat in het bovenstaande schuilging onder "diergelijcke":

In de Schrijfkonste en behouft haer Ed. geen meesters te wijcken: ja gaet te boven de netste ende aerdighste drucken ende dat in 't Hebreeusch, Syrisch, Griecx, Samaritaens, Ethiopisch, Latijns, Italiaens, etc. ende kan de meeste Handen van dien op verscheyde manieren als Capitale letters, Staende, Loopende, seer konstelick schrijven.

Louis Jacob schrijft in 1648 dat Van Schurman een reusachtige en ongehoorde talenkennis bezat, omdat ze elke oosterse en westerse taal zou kennen. [\(10\)](#) Hij komt op veertien talen, waaronder het Turks en het Spaans opvallen omdat die tevoren nog niet genoemd zijn. Mollerus, een achttiende-eeuwse biograaf die over Van Schurman in het algemeen een aantal vrij accurate bladzijden in het Latijn schreef, komt op 16 talen. [\(11\)](#) Ook hij noemt Turks en Spaans, naast de talen die Cats al aangaf. Van Schurman wordt zelfs zo geprezen dat men haar altalig noemt:

Wie Schurman noemt, noemt in dit woord,
Al wat geleerdheid is in elke stad, elk oord,
Er is geen taal ter wereld oyt geweest,
Die zij niet kent, niet spreekt, niet leest. [\(12\)](#)

Als we nu bibliotheken en archieven afspeuren, en haar eigen werken er op na slaan, dan vinden we slechts bewijzen van veertien talen: Nederlands, Duits, Frans, Engels, Italiaans, Latijn, Grieks, Hebreeuws, Aramees (= Chaldeeus), Arabisch, Syrisch, Samaritaans, Perzisch en Ethiopisch. Het zijn de talen die Cats en Van Beverwijck al noemden. Van Spaans en Turks kon ik geen snipper bewijs vinden, net zo min als van de scandinavische talen. [\(13\)](#) Wat opvalt is dat er van de veertien talen, zeven oosterse talen zijn. Vanwaar die nadruk op oosterse talen?

2. Kennis van oosterse talen in de Renaissance

